Matieland

Universiteit van Stellenbosch
Jaargang 13
Nommer 3 Desember 1969



FEDERALE
VOLKSBELEGGINGS
BEPERK . . .

Wydverspreide en vinnig groeiende belange in :

Bankwese en finansiering
Chemiese nywerheid
Handel en dienste
Eiendomsontwikkeling
Konstruksie en ingenieurswese
Voedsel en klerasie
Mynbou

STEWIG GEVESTIG
ALTYD DINAMIES

F V B

DIE FEDERALE GROEP

K235/51A/1



„Maties, ek was self 'n student. Daarom weet ek wat dit is om platsak te wees. Tog het ek elke maand probeer om 'n ietsie af te knyp en op Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging te belê. Julle ouens sal verbaas wees om te sien hoe dit groei—en wat jy daarmee kan doen as die vakansie aanbreek, of as jy sommer net 'n doedie wil skiet vir die fliek! Belê liewer julle geldjies in 'n Spaarrekening by die Suid-Afrikaanse Permanente. Ander ouens kan dan nie by julle kontant leen nie en boonop verdien dit 4½% rente!

Julle Suid-Afrikaanse Permanente Bouvereniging se kantoor is by Pleinstraat 4 en mnr. J. A. Jooste en sy mense is vriendelik en hulpvaardig."

SUID-AFRIKAANSE
PERMANENTE
BOUVERENIGING

Groei met Suid-Afrika...vanaf 1883

Grant 6080

ENCYCLOPÆDIA
Britannica

1768 1968

200thAnniversary

Opmerking

Koste vir die intekenaar, en net die koste alleen, is die enigste rede waarom die Encyclopaedia Britannica dwarsdeur die Westerse wêreld in slegs een taal verkrygbaar is. Die uitgewers het bereken dat om hierdie groot werk van 24 boekdele in Duits, Frans, Italiaans, Sweeds en Afrikaans of enige ander taal te vertaal en te druk, die astronomiese bedrag van R10,000,000 per taal sal kos.

Ons sal glad nie daarvan hou om meer as R1,500 te moet vra vir 'n Afrikaanse stel van die Encyclopaedia Britannica in plaas van die geringer, makliker vereffenbare koste wat wêreldwye hoeveelhede moontlik maak nie.

Graag ontvang ek, sonder enige verpligting, verdere besonderhede oor hierdie GROEPKORTINGSPLAN van Encyclopaedia Britannica op die maklike „Boek-per-maand"-metode van betaling.

Mnr./Mev./Mej. .....

Woonadres .....

.....

Telefoon .....

(Groepkortingsplan – Universiteit van Stellenbosch)

Aanbod van Groepkortingsplan

Geagte lede van die personeel en oud-studente van die Universiteit van Stellenbosch, Ons is voorwaar verheug om u te kan meedeel dat reëlings so pas voltooi is waarvolgens u in staat gestel word om die nuwe 200-jarige herdenkingsuitgawe van die Encyclopaedia Britannica te ontvang *teen 'n aansienlik verminderde prys* – 'n prys wat wesenlik laer is as die een waarteen dit aan enigiemand anders op 'n indiwiduele aankoopbasis beskikbaar is.

Die prag van hierdie aanbod is dat u nie slegs die Twee Eeu-uitgawe van die *Britannica* teen 'n verminderde prys ontvang nie, maar dat u ook 'n keuse van waardevolle bykomstige Britannica-ware *teen geen ekstra koste* deur bemiddeling van Britannica se Groepkortingsplan ontvang.

Hierdie bykomstighede, waaruit u 'n keuse mag maak, sluit dergelike items in soos die *Childrens' Britannica* van 20 volumes, die *Britannica World Language Dictionary*, die *Britannica Atlas*, 'n boekrak en die *Bybel*. U mag ook vier uit elke 28 Britannica *Home Study Guides* sonder enige koste kies. Laasgenoemde reeks dek 'n groot verskeidenheid aanverwante onderwerpe wat – om slegs enkeles aan te haal – van Wysbegeerte, Sielkunde en Staatsleer tot Wiskunde, Fisika, Ekonomie en Siviele Ingenieurswese strek. Die Britannica Library Research Service (Britannica-Biblioteeknavorsingsdiens) word ook by die bykomstighede ingesluit. Hiervolgens kan u verskeie indiwidueelvoorbereide navorsingsverlae oor bykans enige onderwerp van u eie keuse ontvang.

Meer as 10,000 medewerkers, elk 'n vakkundige op sy eie terrein, het hierdie jongste uitgawe van die *Britannica* die beste gemaak wat nog ooit gedurende die werk se 200-jarige diens gedruk is.

Origens, en saam met die kortingsprys, sal *Britannica* ook die volle voorregte van sy beroemde *Book-a-month Payment Plan* (Boek-per-maand-betaalskema) aan u beskikbaar stel waarvolgens u al 24 volumes gelyktydig ontvang hoewel u slegs teen die prys van een volume per maand betaal.

Om nadere besonderhede oor hierdie Groepkortingsplan skryf gerus, indien u belangstel, aan Encyclopaedia Britannica (S.A.) (Edms.) Bpk., Posbus 10064, Johannesburg.

Hoogagtend die uwe,

R. S. IVAN

Direkteur van Spesiale Opdragte

Kom saam met



Saambou
BOUVERENIGING

U hele gesin wen!

VZ&R — K580/31A/4

MATIELAND

UITGEGEE VIR OUD-STUDENTE EN DONATEURS
DEUR DIE
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

ONDER REDAKSIE VAN
J. J. OOSTHUYSEN

MET MEDEWERKING VAN
DIE DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELING

JAARGANG 13 NO. 3 DESEMBER 1969

In hierdie Uitgawe

Prof. H. B. Thom in die D. F. Malan-museum, 7
Redaksioneel
H. B. Thom, 8
Die Kersgeskenk, 9
Ons Eer Hul Nagedagtenis, 10
Die Rektor tree uit
Die Kanselier oor die Rektor, 11
S. A. Akademie Huldig Oud-Maties, 12
Die Nuwe Nasionale Onderwysraad, 14
Vryheid van die H. B. Thom-teater, 15
Huishoudkundiges vereer die Rektorspaar, 16
Afskeid deur Lektorevereniging, 16
Die Rektor in Erns en Luim, 16
Hulde aan die Leermeester, 17
Die Assistent-Hoofredakteur van die Stellenbosse Student (1926), 18
Die Stellenbosse Student 19
Krygsgevangene-Onderwysers, 20
Skooldae op Burgersdorp, 20
Quintie Beantwoord 'n Voorgeskrewe Vraag in St. Agt, 21
Aanstellings en Bevorderings, 22
As ek U Hemele aanskou, 24
Vasco Da Gama-Aand, 25
Die Stellenbosse Kunsfeeste van 1969, 26
Akademiese Uitbreiding en Kursusse, 28
Skenkings en Beurse, 30
Besoekers, 32
Oud-Maties, 34
F.A.K.-Skakelkomitee vereer Dirk Opperman, 38
Studentebedrywighede, 39
Die Studente Neem Afskeid van die Rektor, 39
Op pad na 'n Honderdtal, 41
„Matieland"-Fonds, 42

VOORBLADFOTO:

Uitstalling deur die Dept. van Beeldende Kunste in die Kunsmuseum van U.S. gedurende Oktober 1969.

Bo: Ontwerpe vir matte.
Linkerpaneel: Tekstiel- en grafiese ontwerpe, asook fotografie.
Regterpaneel: Kleurkunde en grafiese ontwerpe.
Voor: Mej. Christine Oelofsen (B.A. III, Beeldende Kunste) bewonder die metaalontwerpe.

Prof. H. B. Thom was die groot dryfkrag agter die stigting van die D. F. Malan-museum wat in die Carnegie-biblioteek van die Universiteit van Stellenbosch ingerig is. Hier staan hy in die museum by die bronsbeeld van dr. Malan en agter hom is wentelrame met foto's uit die lewe van dr. Malan. Dr. Irmin Henkel van Pretoria, het die beeld vanjaar gemaak.

Redaksioneel

H. B. Thom

Nomen est omen, het die Romein bygelowig gesê; *What's in a name?* het die Brit sinies gevra; *Nichts Geringes ist ein Name!* het die filosofiese Duitser gewigtig laat hoor. Ook by die ouers van Hendrik Bernardus het seker baie vroeg die vraag opgekom: „Wat sal van hierdie kindjie word?"

Kort en saaklik is die handtekening *H. B. Thom* wat soveel male onderaan belangrike briewe en dokumente verskyn. Dit is seker baie gerieflik vir 'n belangrike, verantwoordelike uitvoerende amptenaar om 'n kort handtekening te hê, want selfs in ons elektroniese eeu is die handtekening nog net so onontbeerlik as in die ou dae toe die koning die seël van sy ring gebruik het.

Toe H. B. Thom gebore is, het sy vader en sy moeder (wat op rype ouderdom nog haar tweede oudste seun se uittrede as Rektor van die Universiteit van Stellenbosch kan belewe) gesê dat hy die vyfde Hendrik Bernardus van sy oupa Coetzee se kant af is – en daarom kry hy die bynaam *Quintus.* Die Latynse *Quintus* het egter spoedig op Afrikaanse wyse meer verinnig geraak en by sy familie en vriende *Quintie* geword. Ons dink aan die getal vyf. Laat ons die vyf vingers van die menslike hand as sinnebeeld gebruik.

Die duim is sterk. Wanneer die ander vier vingers vasgryp, druk hulle teen die duim. Só sterk moet ook jou karakter en geloof, gegrondves in die Calvinisme, die godsdiens vir sterk mense, wees. Ds. George Thom, afkomstig van Aberdeen in Skotland, was reeds 'n oortuigde en waardige grondlegger in Suid-Afrika van die Afrikaanse familie Thom.

Die voorvinger dui die weg aan – die opvoeding: lektor, professor, rektor. Watter reusagtige eise sou nie gestel word aan die toekomstige rektor as hoof van meer as 7,500 studente, meer as 800 dosente en meer as 300 administratiewe amptenare nie? Daar word gesê: „die wysheid het sy eie huis gebou", maar die inspanning is geweldig. Geen liggaam en gees kan dit vir baie jare volhou nie. Uitspantyd móét kom – en gegun word.

Die middelvinger is 'n kragvinger: hy kan tradisioneel vingertrek. Prof. Thom het nog altyd sterk gestaan: sterk binne die volksverband; hy is gewortel in die geskiedenis; hy staan as vakkundige hoog uit en kon 'n Stellenbosse gestalte gee aan geskiedskrywing wat deur navorsing deeglik verantwoord is. Hy kon die bakens nagaan van die pad waarlangs ons volk gekom het; daarom was hy nie 'n opswepende demagoog nie, maar 'n indringende leermeester vir sy studente. Hy het sy studente geleer dat as jy tot 'n gevolgtrekking kom, dit op feite wat deur onbevooroordeelde navorsing verkry is, gegrond moet wees.

Die ringvinger is die een wat bande skep, en bande is nodig om mense na mekaar toe te trek, hulle saam te snoer. Dié bande bestaan grotendeels uit kontak met jou medemens – en daar is weinig kontakmiddele so doeltreffend as die gesproke en die geskrewe woord. Soveel tale jy praat, soveel male 'n man, lui 'n gesegde; en dit is waar van prof. Thom. Hy is 'n deeglike beoefenaar van sy moedertaal; hy is deur sy vader aangespoor om Engels „beter as 'n Engelsman te kan praat"; hy is vlot in Duits; hy kan 'n redelike goeie gesprek in Frans voer, danksy veral sy studentedae aan die Sorbonne.

Maar wat van die pinkie? Hy is die kleinste, maar daarom miskien soos Benjamin, die geliefde. Op die kulturele vlak lê prof. Thom se liefde ongetwyfeld veral by die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigingе, die F.A.K. Hier beplan hy en leef hy vir die siel van die Afrikanervolk. Hier bou hy bande van eenheid ter wille van ons volk se toekoms. Hier beraadslaag hy saam met diegene wat saam met hom een van sin en hart is – diegene wat bymekaar is, omdat hulle in hul verhewe ideale bymekaar hoort.

Wat die geestelike en kulturele welsyn van sy volk betref, leef prof. Thom die Kruger-gedagte uit wat so treffend gestel is in die brief van die gryse Presi-

dent aan genl. Louis Botha op 29 Junie 1904: „Het stemt mij eveneens tot dankbaarheid, te zien dat die eenheid, die eendracht bij u regeeren. Vergeet nooit de ernstige waarschuwing, die ligt in het woord: ‚verdeel en heersch', en maak dat dit woord op het Afrikaansche Volk nooit van toepassing zal kunnen zijn. Dan zullen onze nationaliteit en onze taal blijven en bloeien."

So kom ons dan tot ons besluit: *Nomen est omen* – ook in die naam van *H. B. Thom* lê daar veel opgesluit . . . waarvoor ons dankbaar is.

Die Kersgeskenk

Soos gewoonte aan die einde van die jaar, wens *Matieland* al sy lesers 'n geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe.

Hierdie keer ontvang elkeen wat op die adreslys van *Matieland* verskyn, egter, benewens die goeie wense ook 'n pragboek oor prof. H. B. Thom, uittredende Rektor van U.S. Dit word moontlik gemaak deur die Raad van die Universiteit, wat die koste van die publikasie dra, en deur 'n paneel van skrywers wat trag om reg te laat geskied, binne die beperkte ruimte van een boekdeel, aan die vele aspekte van die lewe en die werk van prof. Thom, van sy jeugjare af tot aan die einde van sy rektorskap aan U.S.

Die artikels en sketse, wat in hierdie uitgawe van Matieland verskyn, is derhalwe nie bedoel om 'n intensiewe blik op die lewe en werk van prof. Thom te gee nie, maar is eerder 'n aanvulling in meer informele trant van die boek wat uiteraard meer formeel is.

Die verwagting is dat genoemde werk, onder die titel *Professor H. B. Thom* in Desember aan *Matieland*-lesers uitgestuur sal word. Terloops, hier is weer eens 'n goeie rede waarom u *Matieland* op die hoogte van adresveranderinge moet hou!

Nuwe Administrateur vir Kaapland

Sy Edele Andries Vosloo (Adjunk-minister van Bantoe-Ontwikkeling) sal dr. Nico Malan in Kaapland as Administrateur opvolg wanneer dr. Malan ná die sitting van die Provinsiale Raad in 1970 sal uittree.

Daar is verskeie terreine waarop die Universiteit van Stellenbosch ten nouste met die Provinsiale Administrasie moet saamwerk. Hierdie samewerking met dr. Malan het reeds groot hoogtepunte opgelewer. Mag die samewerking van U.S. met die nuwe Administrateur lei tot verdere en nuwe hoogtepunte tot heil van ons Provinsie en sy mense.

Die Nuwe Direkteur van Onderwys

Mnr. Stephanus Theron het op 1 September vanjaar van dr. G. J. Smit oorgeneem as die nuwe Direkteur van Onderwys van Kaapland.

Mnr. Theron is in die distrik Laingsburg gebore en het op Stellenbosch die graad B.Sc. behaal. Hy was o.a. skoolhoof op Keimoes, inspekteur van skole te Prieska, Port Elizabeth en Wynberg, en het in 1962 Adjunk-S.G.O. geword. Hy is getroud met mej. Anna Kotze en die egpaar het drie dogters en een seun. Mnr. Theron dien in die Raad van U.S. as een van die benoemdes deur die Staatspresident.

Prof. Thom se Moeder Oorlede

Opregte meegevoel gaan uit teenoor prof. en mev. Thom, wie se moeder, wed. J. E. Thom (geb. Coetzee), op 26 November 1969 in die ouderdom van 88 jaar te Pretoria oorlede is. Haar eggenoot het haar in 1945 ontval.

Sy het nog waardevolle informasie oor die jeugjare van prof. Thom verstrek aan prof. Bun Booyens wat dit kon gebruik vir sy hoofstuk *Jeugjare* in die boek PROFESSOR H. B. THOM.

Ons Eer Hul Nagedagtenis

PROF. H. E. BRINK D.SC. (STELL.)

Prof. Hercules Enslin Brink is op 6 Julie 1969 na 'n betreklike kort, maar ernstige siekbed, in die ouderdom van 64 jaar oorlede.

Hy was in meer as een opsig 'n baanbreker – op die gebied van Fisiologie, as een van die medestigters van die Fakulteit van Geneeskunde van U.S., as navorser op die gebiede van hormonologie en histologie, as die skrywer van die eerste handboek oor Fisiologie in Afrikaans, en as die skepper van die meeste fisiologiese terme in Afrikaans.

Ons innige meegevoel gaan uit tot sy eggenote, sy dogter, mev. Annelie M. C. McDonald, en mnr. Johan Brink.

(In *Matieland* van April vanjaar (bl. 30) verskyn biografiese besonderhede en 'n huldeblyk uit die pen van prof. F. M. Engelbrecht, sy oud-kollega.)

C. H. BRINK, D.COMM. (H.C.) (STELL.)

Dr. Christoph Hendrik Brink, gebore 3 Januarie 1911 op Boksburg (Tvl.), is op 19 Augustus vanjaar oorlede in die ouderdom van 58 jaar. Aan die einde van verlede jaar het U.S. aan hom 'n eredoktorsgraad in Ekonomie toegeken. (Sien *Matieland* April 1969, bl. 12.)

Die innige meegevoel van die Universiteit gaan uit tot sy weduwee, vier dogters en sy seun.

MNR. C. P. VAN DER MERWE, B.A., B.ED.: (STELL. 1923–1928)

Nog 'n seun van Boplaas is ons ontval toe mnr. *C. P. van der Merwe,* voormalige hoof van die Wellingtonse Opleidingskollege op 15 Julie 1969 onverwags aan 'n hartaanval beswyk het. 'n Besielde en besielende Afrikaner, en beminde opvoeder is oorlede in die relatief jeugdige ouderdom van 63 jaar.

Hy het in 1954 hoof van die Kollege geword en in 1967 afgetree. Hy was 'n sterk krag in die onderwys en was o.a. in 1948 voorsitter van die S.A.O.U. As akademikus is hy erken deur sy benoeming tot fakulteitslid van die S.A. Akademie. In 1940 het hy baanbrekerswerk gedoen met sy Afrikaanse Handleiding vir Senior Leerlinge. Talle artikels en verskeie boeke het uit sy pen gevloei.

Matieland bring sy opregte meegevoel aan mev. Van der Merwe en sy kinders Chris, Carel, dr. en mev. Manie Rust.

Dr. C. H. Brink



MNR. P. J. DU TOIT

Mnr. P. J. du Toit (B.Sc., Cum Laude, Stell.) is op 2 Augustus 1969 in die ouderdom van 76 jaar op Frankfort, O.V.S., oorlede. Hy was 'n bekende opvoedkundige wat reeds in 1921 die eerste hoof van die hoërskool op Middelburg (K.P.) geword het. Hy was veral bekend vanweë sy publikasies i.v.m. boekhou vir skole.

Ten tyde van sy oorlye het hy en sy eggenote by hulle dogter mev. Marie Human op Frankfort gekuier.

MNR. CHARL T. DE WAAL, M.SC. (STELL.)

Mnr. Charl de Waal, senior lektor in Wynbou aan U.S., is op die aand van 1 Augustus 1969 onverwags in die ouderdom van 57 jaar oorlede. Hy was sedert 1939 aan die Universiteit se personeel verbonde. Aan die begin van die dertiger jare is hy en Koffie Hofmeyr beskou as die beste senterpaar wat U.S. en S.A. nog ooit in rugby gelewer het. Op die gebied van wynbou het hy in verskillende hoedanighede uitmuntende diens aan sy studente en die wynnywerheid gelewer.

Ons meegevoel gaan uit tot sy eggenote, twee dogters en een seun.

TWEE STUDENTE

Mnr. Hendrik Cloete (20), seun van mnr. en mev. A. J. Cloete van Vanwyksvlei, is op 19 Julie 1969 in 'n botsing teen 'n bus by die Paarl op slag dood. Hy was 'n geneeskundestudent in sy eerste jaar en 'n inwoner van Simonsberg.

Mej. Bettie van der Merwe (19), dogter van mnr. en mev. A. S. van der Merwe, Welgeluk, Carnarvon is in dieselfde ongeluk so ernstig beseer dat ook sy op 21 Julie oorlede is. Haar broer, mnr. Johan van der Merwe (23) het net met beserings daarvan afgekom, omdat hy agter in die motor, wat aan hom behoort, gelê en slaap het. Mej. Van der Merwe was 'n eerstejaarstudent in Fisioterapie.

Die drie studente was op pad terug na Stellenbosch ná die wintervakansie.

Die Rektor tree uit

Die Kanselier oor die Rektor

Tydens die Aanvullende Gradeplegtigheid op 7 Maart vanjaar, enkele dae nadat die Rektor aangekondig het dat hy gaan uittree, het die Kanselier dr. B. J. Vorster van die gewone gradedagprosedure afgewyk en hom tot prof. Thom gewend.

Die Kanselier het die Rektor gelukgewens met die geleentheid vir U.S. om opnuut 'n groep jongmans en jongdogters die lewe in te stuur en aan die jongmense gesê: „Mag die pad voor u wonderlik wees."

Teenoor die Rektor het hy gesê dat dit wel nog nie tyd vir afskeid is nie, maar dat na sestien jaar van rektorskap, dit amper onmoontlik lyk dat hy aan die einde van sy dienstermyn gekom het. Hy verwys met dankbaarheid na wat in dié tyd aan U.S. gepresteer is.

Hoewel sommige universiteite in die afgelope tyd getoon het dat dissipline by hulle verlore gegaan het, kan hy met dankbaarheid konstateer dat daar op Stellenbosch geen sprake van sulke dinge was nie. As Kanselier wil hy teenoor die Raad, Senaat en die studente getuig van dankbaarheid oor die verantwoordelike wyse van optrede aan U.S. Hoewel selfs wenke om te protesteer, uitgestrooi is, het dit nie gebeur nie.

Daar is 'n mate van ooreenstemming tussen die dinge waarvoor prof. Thom en die Universiteit staan. Prof. Thom is 'n akademikus; eweso is U.S. bekend vir die werk van sy studente. Prof. Thom is karaktervas; eweso het U.S. oor geslagte sy besondere karakter as universiteit ontwikkel. Prof. Thom het met waardigheid sy pos beklee; U.S. het van meet af aan, selfs onder provokasie, sy taak met waardigheid vervul. Hy

dink met dankbaarheid daaraan dat hierdie Universiteit nog nooit met iets op hol gegaan het nie.

Niemand het nog getwyfel oor waar prof. Thom staan nie; niemand mág ooit twyfel oor waar U.S. staan nie. U.S. het as universiteit reeds veel presteer, maar dit was nog nooit 'n kille akademiese fabriek nie – U.S. staan nog steeds vir 'n idee. Dit is sestien jaar lank deur die Rektor uitgeleef.

Niemand sal hoef te soek na U.S. se oud-studente nie – hulle het geleer om hulle plekke in te neem waar dit nodig is.

S.A. Akademie Huldig Oud-Maties

Op 25 Oktober 1969 het 'n oorhandigingsbyeenkoms van die Raad van die S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns, gereël deur die Werkgemeenskap Stellenbosch van die Fakulteit Kuns en Geesteswetenskappe, in die H.B. Thom-teater op Stellenbosch plaasgevind.

PROFESSOR H. B. THOM

'n Besondere erepenning vir dienste aan die universiteitswese is deur prof. G. Cronjé, voorsitter van die S.A. Akademie, aan prof. Thom oorhandig. Die huldigingswoord is in die afwesigheid van prof. W. Kempen (wat die rede opgestel het, maar nog besig is om te herstel van 'n ernstige siekbed en dus nie die rede kon lewer nie) deur prof. P. S. du Toit voorgedra. Prof. Du Toit het namens die Akademie die beste wense vir die volkome herstel van prof. Kempen uitgespreek.

Die huldigingswoord het gelui:

„In die sestien jaar rektorskap wat prof. Thom vanjaar voltooi, het hy die volgende gedagtes i.v.m. universiteitswese òf geïnisieer òf daaraan 'n geweldige stoot gegee:

dat die universiteite outonome inrigtinge is wat werk verrig wat onontbeerlik is vir die groei van die volkshuishouding;

dat daar baie noue samewerking tussen Universiteite en die Landsowerheid moet wees;

dat die Staat, binne perke, steeds meer tot die instandhouding van ons Universiteite moet bydra;

dat die Gemeenskap sy verantwoordelikheid moet besef en self ook meer moet bydra;

dat ons standaarde die gelyke moet wees van die

Ontvangers van die toekennings deur die Raad van die S.A. Akademie op 25 Oktober 1969.
L.n.r.: Mnr. Jean Welz, prof. H. B. Thom, dr. A. L. Geyer, prof. T. J. Haarhoff.

Prof. Geof. Cronjé oorhandig die medalje en die oorkonde van die S.A. Akademie aan prof. H. B. Thom (regs) op 25 Oktober 1969.

beste van die Buiteland, onder meer in die getalsverhouding van dosent-student;

dat navorsing ruimskoots ondersteun moet word;

dat dosente in noue voeling moet bly met die publiek, hulle vakrigtinge, en hulle kollegas in die Buiteland;

dat daar die nouste samewerking moet wees tussen Raad en Senaat;

dat die groots moontlike getal matrikulante wat akademies daartoe in staat is, aan 'n universiteit behoort te studeer;

dat studente op besielde wyse gerig moet word op die diens wat hulle moet lewer.

dat studente die beste ontwikkelingsmoontlikhede moet kry, om te voorsien in die behoeftes van liggaam, verstand en gees;

dat studente se woonomstandighede op universiteit 'n uiters belangrike faktor in hulle ontwikkeling is;

dat studente se probleme en persoonlikheidsprobleme besondere aandag moet kry –

kortom dat die hele universiteitswese op besondere wyse uitgediep en verbreed moet word in die beste belang van die wetenskap en die Volk wat daardeur gedien moet word.

Die erepenning is 'n verering, maar is ook 'n erkenning van dienste gelewer."

Hierop het prof. Thom gepas geantwoord met 'n dank- en waarderingswoord. Hy lees in die erepenning en in die vergesellende oorkonde 'n erkenning van die belangrikheid, nie van homself nie, maar van die universiteitswese as een van die sleutelgebiede van ons groot opvoedkundige patroon. Waar dit van die Akademie kom, is dit iets wat hy ten seerste waardeer omdat die Akademie in ons nasionale lewe 'n sleutelposisie beklee en as simbool staan van ons hoogste prestasie op die gebied van Kuns en Wetenskap. Dit is daar om inspirasie te gee aan werk op hierdie gebiede.

Dit was vir spreker 'n baie groot voorreg om ook in 'n spesiale posisie in die akademie te gestaan en in die Akademieraad te gedien het.

Dit is ook 'n voorreg om die penning te ontvang uit die hand van prof. Cronjé, 'n ou gewaardeerde vriend wat self 'n oud-student van Stellenbosch is.

Hierna is 'n erepenning vir Skilderkuns aan mnr. Jean Welz oorhandig. Die huldigingswoord is deur prof. W. E. G. Louw gelewer.

DR. A. L. GEYER

'n Oorkonde vir Erelidmaatskap van die Akademie is ook aan dr. A. L. Geyer, oud-hoofredakteur van *Die Burger* en oud-student van Stellenbosch (1918: M.A. Cum Laude), oorhandig. Die rede is opgestel deur

mnr. P. A. Weber en in sy afwesigheid voorgedra deur prof. W. J. Pretorius. Dr. Geyer het in 1924 wyle dr. D. F. Malan as Redakteur van *Die Burger* opgevolg. In 1959 het die Universiteit van Stellenbosch aan hom die eredoktorsgraad, D.Phil., toegeken.

'n Oorkonde vir erelidmaatskap van die Akademie is ook aan prof. T. J. Haarhoff oorhandig. Prof. J. P. J. van Rensburg van Stellenbosch het die huldigingswoord, opgestel deur regter V. Hiemstra, in sy afwesigheid voorgedra.

Die Nuwe Nasionale Onderwysraad

Op 15 Julie vanjaar het Sy Edele M. C. Botha, wat as Minister van Nasionale Opvoeding waargeneem het, die nuwe Nasionale Onderwysraad van nege-en-twintig lede aangekondig.

Prof. H. B. Thom, die uittredende rektor van U.S. is op deeltydse grondslag as voorsitter van die Raad aangestel. Hy hoef nie heeltyds op kantoor te wees nie, omdat die twee ondervoorsitters voltyds daar sal wees. Prof. Thom sal dus in staat wees om sy ryke ervaring as onderwysman nog langer tot beskikking van sy land te stel. Die getal telegramme en briewe van gelukwense wat aan hom gestuur is, is 'n klinkklare bewys van die gewildheid van sy benoeming.

Die twee voltydse ondervoorsitters is prof. G. J. Jordaan, ondervoorsitter van die voormalige Nasionale Adviserende Onderwysraad, en mnr. J. F. (Kobus) Louw, Direkteur van Kleurlingonderwys.

Mnr. Kobus Louw, wat ook ondervoorsitter van die S.A. Rugbyraad is, het as registrateur in 1959 saam met prof. J. G. Meiring as rektor, baanbrekerswerk gedoen om die Universiteitskollege Wes-Kaapland tot stand te bring. In 1962 het hy Direkteur van Kleurlingonderwys geword. Hy het sy B.Sc.-, B.Ed.-grade aan U.S. behaal.

Ander oud-Maties wat in die Raad dien, is *prof. P. S. du Toit,* dekaan van die Fakulteit van Opvoedkunde aan U.S.;

Mnr. M. J. L. Olivier, Rektor van die Wellingtonse Opleidingskollege;

Mnr. P. S. Meyer, voormalige kollegehoof en huidige onderwysbeplanner;

Mnr. M. L. Visagie, huidige inspekteur van onderwys.

Op 1 Augustus 1969 het die Uitvoerende Komitee van die Nasionale Onderwysraad Sy Edele Min. M. C. Botha (Waarnemende Minister van Nasionale Onderwys) ontmoet. Die Raad het op 1 Augustus in werking getree.

Op die foto, l.n.r. (voor): Prof. H. B. Thom (Voorsitter), min. M. C. Botha, mej. E. C. Steyn. Agter: Mnr. J. F. Louw, mnr. P. W. du Plooy, dr. N. S. Botes, prof. G. J. Jordaan en dr. A. R. Williams.



Die Pluimsaad Waai Ver van N. P. van Wyk Louw is van 2 tot 6 September 1969 in die H.B. Thom-teater opgevoer. Op die foto wat na die openingsaand geneem is, verskyn (l.n.r.) mnr. Fred le Roux wat die rol van pres. M. T. Steyn gespeel het, Babs Laker (Vertelster), prof. H. B. Thom, Ria Olivier (mev. Fred le Roux, regisseuse), Pieter Bredenkamp (genl. Piet Cronjé) en mev. H. B. Thom.

Vryheid van die H. B. Thom-Teater

Die Departement van Drama is besonder nou verbonde aan prof. Thom – die vernoeming van die teater na prof. Thom is op sigself 'n blywende herinnering, maar getuig ook van volgehoue belangstelling en ondersteuning. Tans word hierdie teater deur toneelgeselskappe as die beste in Kaapland beskou.

As bewys van eer en waardering is *Die Pluimsaad Waai Ver* van N. P. van Wyk Louw van 2 tot 6 September in die H. B. Thom aangebied. (Verskillende ander opvoerings tydens die Stellenbosse Kunsfees het onafgebroke van 29 Augustus tot 20 September plaasgevind.)

Die Departement van Drama het voorts die volgende aankondiging gedoen :

„As blyk van ons waardering vir alles wat prof. Thom vir die Departement gedoen het, bied ons hiermee aan hom en sy vrou *Die Vryheid van die Teater* aan. Vir enige opvoering wat hulle in die Thom-teater wil bywoon, sal daar benewens ons hartlike verwelkoming, ook twee plekke op hulle wag."

MEV. J. S. DU TOIT

Mev. J. S. du Toit, 'n dogter van wyle pres. M. T. Steyn, het spesiaal van Kaapstad oorgekom vir die opvoering van *Die Pluimsaad Waai Ver.* Sy is die weduwee van die bekende oogarts van Kaapstad, wyle dr. J. S. du Toit. (*Foto regs.*)

Huishoudkundiges Vereer die Rektorspaar

Die kortkursus in Huishoudkunde oor voeding in die moderne lewe, van 18 – 19 September, is opgedra aan prof. en mev. Thom.

In 'n toespraak het mev. M. J. Smit o.a. gesê: „Noudat prof. Thom gaan aftree, dink ons terug aan die vele male wat ons die voorreg gehad het om met hulle in aanraking te kom, hetsy deur besoeke van hulle aan ons Departement of andersins. Hulle het ons altyd laat voel dat hulle albei fyn en ryk kultuurmense is."

„Aan mev. Thom bring ons hartlike dank vir haar persoonlike belangstelling in die Departement Huishoudkunde en vriendelikheid teenoor die personeel."

„Daar is 'n gesegde wat lui: ‚As 'n mens aftree, kom die werk waarmee jy jou brood verdien het, tot stilstand, maar die dinge waarin jy lewe, gaan voort.' So sal prof. Thom voortgaan met die dinge waarin hy lewe, nl. onderwys, opvoeding en volksdiens. Hiermee wens ons hulle albei net die allerbeste toe vir die toekoms."

Afskeid deur Lektorevereniging

Op 4 Junie 1969 het die Lektorevereniging afskeid geneem van prof. Thom.

L.n.r.: Prof. H. B. Thom, ds. N. J. Smith, dr. T. C. Smit, mev. T. C. Smit, mev. N. J. Smith.

Die Rektor in Erns en Luim

'N VOLKSUNIVERSITEIT

'n Volksuniversiteit dien die Volk – groot en klein, ryk en arm, almal.
'n Volksuniversiteit is nie eensydig nie;
hy ontwikkel die verstand,
hy bou die karakter,
hy veredel die gees.
(Opening van U.S., 24/2/1965).

DIE LAASTES EN DIE EERSTES

Kinders uit ryk huise gaan maklik universiteit toe: dikwels doen hulle goed, dikwels ook nie.

Kinders uit arm huise gaan swaar universiteit toe: soms doen hulle swak, dikwels doen hulle goed – soms baie goed.

Ons Universiteit is daar vir albei, maar die laastes het ons hulp veel meer nodig as die eerstes. Ons het dit al oor en oor gesien; ons het al baie gedoen om hulle te help; en ons land het ruimskoots die vrugte gepluk.

(Voor 'n studentegehoor, Stellenbosch, 1966)

ONS KRAGBRON

Van al die groot kragbronne van ons land, sowel geestelik as stoflik, is die geestelike intellektuele vermoë van ons jongmense verreweg ons vernaamste kragbron.

Dit is fundamenteel. Immers van hierdie kragbron hang per slot van rekening die ontwikkeling van ál ons ander kragbronne af.

(Gradedagplegtigheid, Universiteit van S.A., Johannesburg, 3 Mei 1969).

DIE HARTSKILD VAN U.S.SE WAPEN

Die hartskild van die universiteitswapen van Stellenbosch toon 'n geopende boek. Die boek verlig die gees.

Dit is die taak van die universiteit om die boek te open:

die boek van die onderwys,

die boek wat ons leer nie hoe om 'n lewe te *maak* nie, maar hoe om te *lewe*!

(Jeugkongres, Universiteit van Pretoria, 2 Julie 1968).

FACTS?

Die Rektor van U.S. is een van die verteenwoordigers van die S.A. Universiteite by die vergadering van die Uitvoerende Komitee van die Universiteite van die Brite Statebond (A.U.B.C.) in Auckland, Nieu-Seeland. Dit is Augustusmaand 1962 en die koue winterwind waai van voor, want S.A. het so pas 'n republiek geword en sir Douglas Logan e.a. doen hulle bes om die S.A. Universiteite se lidmaatskap van die A.U.B.C. opgehef te kry. Tydens 'n skemerpartytjie sê sir Douglas aan die Rektor van U.S.: „You have your facts all wrong", waarop prof. Thom vra: „Then why do you call them *facts*?"

WEER SIN

Dit is September 1926. Die lente hang swaar in die lug. Die strategiese ligging van Macdonaldhuis (waar die Wilcocks-gebou nou staan) is 'n uitstekende hoek waar die hele studentemassa op die een of ander tyd moet verby beweeg. Die „doedies" is onder bespreking en Pat sê: „Nee, kêrels, as die dames so begin lol, dan kry ek *weersin* in hulle". Hierop wou Quintie weet: „In watter een kry jy *weer* sin?"

DIE TAALKUNDIGE DIPLOMAAT

Dit is in die derdejaar geskiedenisklas, 1936. Dit bly nog steeds 'n vraag of die „Smith"-spelling of die Akademie s'n gevolg moet word. Die damestudent wil seker maak dat sy die regte spelling gebruik vir die dosent in Geskiedenis wat so fyn op die taal kan let. „Doktor, hoe moet ons spel?" vra sy, en die toekomstige Administrateur van die groot Woordeboek van die Afrikaane Taal antwoord: „Juffrou, spel verstandig".

SUKSESVOLLE STUDIE?

'n Sekere persoon het van studente en dosente gesê: Some men graduate from university *cum laude,* some graduate *summa cum laude,* and others graduate *mirabile dictu.*

STUDENTE VAN GEKKE?

Vir elke student wat 'n gek van 'n dosent probeer maak het, is daar minstens tien dosente wat al studente van gekke gemaak het.

(Voor 'n koshuisgroep, 1964.)

DIE ONTNUGTERDE PROF. IN GESKIEDENIS

Prof. Thom vertel die volgende staaltjie teen homself uit die jaar 1948 n.a.v. 'n gesprek tussen homself en 'n student wat soos volg verloop het:

Prof. Thom: Waarom woon jy nie my klasse by nie?

Student: Maar professor, ek moet mos darem slaap ook!

Prof. Thom (Gevlei): Kyk, ek moet ook slaap, maar ek slaap in die nag – en jy slaap in die dag!

Student: Ja, Professor, ek sal ook graag só wil maak, maar my maats raas so baie in die nag dat ek nou in die dag moet slaap!

Hulde aan die Leermeester

Ek sal hom altyd onthou as die leermeester. In die Geskiedenisklas het hy hom onderskei as die kalme, beskaafde wetenskaplike. Met groot liefde het hy sy vak gedoseer en vir ons aan sy voete geïnspireer.

Maar ook as volksman en kultuurleier het hy só baie beteken! Sal ek vergeet hoe dikwels hy die stofpaaie van Suidwes bereis het om as spreker by volksfeeste op te tree?

Stellenbosch sonder H. B. Thom kan vir my nie meer dieselfde wees nie.

Ons dank ons Skepper vir hom.

Ds. C. J. Hugo, Moorreesburg.

DIE VERNUWER VAN MATIELAND

Op my horison het dr. Thom eers verskyn nadat ek van Stellenbosch weg was (na 1947, my B.Sc. Ingraadjaar.) Vir my staan hy derhalwe as die vernuwer van Matieland na die Tweede Wêreldoorlog. En die afskaffer van die DOOP.

Sonder die doop is die na-oorlogse Stellenbossers egter nie slegter as die gedooptes nie.

Thom het gewen.

Stellenbosch het gewen!

(A. M. Spies, De Kockweg 35, Hazelwood, Pretoria.)

'N OUER SE WAARDERING

Nadat ek reeds tien jaar skool gehou het, bevind my vrou, ons driejarige dogtertjie en ek ons aan die begin van 1942 op Stellenbosch waar ek my as student inskryf.

Ons woon die universiteitsopening by. Die openingsrede word deur die jong prof. H. B. Thom gelewer oor *Die huidige staat van historiese navorsing in S.A.* Eenvoudig, verstaanbaar, weldeurdag en goed verantwoord! Die navorser mag nie bevooroordeeld wees of bybedoelings hê nie. „I have found exactly what I was looking for", mag nie die uitgangspunt wees nie...

In 1943 behandel by die koloniale geskiedenis met die B.A. III-klas. Wat 'n belewenis! Ek hang aan sy lippe omdat hy sy lesings deeglik voorberei en meesterlik aanbied, met 'n belangstellingprikkelende aanknopingspunt en 'n met feite gemotiveerde slot. Sy gedagteprikkelende seminaarklasse het seker meer as iets anders daartoe bygedra om aan sy studente historiese insig te gee...

Toe hy in 1953 tot Rektor aangewys word, was dit vir my geen verrassing nie. In antwoord op my wense skryf hy: „In beskeidenheid kan ek maar net hoop dat ek die hoë verwagtings van goeie vriende nie sal teleurstel nie!"...

Nog iets oor sy omstrede (?) eerstejaarstelsel. . . . Vir hierdie stelsel het hulle (drie dogters van die skrywer-Red.) steeds die hoogste waardering. Die voorligting wat studente van universiteitsweë ontvang en die advies van die studenteraadgewers (-sters) is vir die eerstejaars van onskatbare waarde. Daarby is dit 'n stelsel wat aan bekommerde ouers 'n groot mate van gerustheid verskaf i.v.m. hulle kinders, veral dogters, wat die betreklike veiligheid van die ouerhuis moet verruil vir 'n nuwe lewe...

Prof. Thom het die vermoë gehad om sy lesings stiptelik op tyd te begin en af te sluit. Hierdie vermoë het hy nog nie afgeleer nie, vandaar dat hy die Universiteitsraad meegedeel het dat dit nie sy begeerte is om ná die einde van 1969 vir verdere aanstelling as rektor in aanmerking geneem te word nie.

(J. F. Spies, Inspekteur van Onderwys,
Posbus 2086, Bloemfontein.)

VAN 'N BELGIESE UITRUILSTUDENT

Dr. Piet Siffert, 'n Belgiese nagraadse uitruilstudent wat tydens die akademiese jaar 1969 saam met sy vrou aan U.S. vertoef het, skryf onder datum 21 Augustus 1969 uit Leuven, België, waar hy as advokaat praktiseer:

„Dit was vir ons 'n groot eer en ons bewaar daarvan 'n heerlike soevenir, om kennis te kon maak met een van die mees vooraanstaande mense van die mooi land Suid-Afrika, waar ons sulke onvergeetlike dae deurgebring het; 'n land waarvan Stellenbosch sonder die minste twyfel die heerlikste plek is."

„Ons hoop die Universiteit (ek voel ten slotte ook 'n bietjie as 'n Matie, al is ek dan miskien maar net 'n halwe Matie!) sal u nie heeltemal gaan verlies nie; dit sou baie jammer wees."

Die Assistent-Hoofredakteur van die Stellenbosse Student (1926)

As Assistent-Hoofredakteur van *Die Stellenbosse Student* het prof. H. B. Thom in Augustus 1926 die meegaande „Editoriaal" wat vir Oud-Maties heelwat interessanthede bevat, geskryf.

Die skryfstyl dra reeds die kenmerke van die latere ryper deurdagte en versigtige stelling van feite wat nodig is vir 'n persoon in 'n verantwoordelike posisie, van wie elke woord en nuanse in die betekenis van woorde, deur skerpsinnige lesers of luisteraars krities ontleed word.

Soms word navraag gedoen en om verduidelikings gevra oor enkele woorde soos *volk* en *nasie,* of 'n stelling word bespreek en dan word verwys na „the missing 6,000 words", wanneer 'n koerantverslag te bondig – of dalk te moedswillig – was om die volle ontwikkeling van die gedagte weer te gee.

Wanneer 'n toespraak of 'n verklaring opgestel word, is dit prof. Thom se gewone gebruik om dit te laat geskied met die byna pynlike presiesheid van die perfeksionis. Eers word dit met eie hand geskryf, krities ontleed en verbeter; daarna word dit getik. Hierdie getikte kopie word nog eens bestudeer en redaksioneel verbeter. Nou word dit op die Xerox-masjien se moedervel getik, weer nagesien – en soms tot ontsetting van die sekretaresse nog weer op enkele plekke gewysig.

Maar wanneer dit netjies, asof deur 'n drukkery geset, van die Xerox-masjien terugkom, is dit letterlik en figuurlik – vir baas en sekretaresse – 'n pronkstuk.

Die Stellenbosse Student

STELLENBOSCH, AUGUSTUS 1926.

Ons wil hierdie geleentheid te baat neem om beide staf en studente te verwelkom na die wintervakansie. Ons hoop dat die vakansie 'n invloed ten goede gehad het op beide gees en liggaam om almal met vernude moed te vervul vir die werk wat hulle weer hier voorlê. Met die Junievakansie van ons blad kon ons met 'n mate van welgevalle terugkyk oor die lang skof van vyf maande wat ons toe reeds afgelê het. Hierdie welgevalle was ook wel deeglik gemotiveer, soos daar aangetoon is. Ons wil die hoop uitspreek dat die algemene herlewing wat daar in studentekringe gekom het t.w. groter belangstelling in studente-aangeleenthede, hierdie semester sal voortduur, en nie net hierdie halfjaar nie, maar blywend sal wees en steeds sal toeneem.

Waar ons nou onwillekeurig ons in die toekoms begewe en oor die lang skof heen kyk wat ons reeds aanvaar het, word ons al dadelik ernstig gestem. Dit lyk werklik of die studentemassa, wat aan die begin van die jaar maar nie genoeg aan pret kon hê nie in die vorm van pieknieks, waatlemoenfeeste, om maar 'n paar te noem, nou die erns van die saak besef. Trouens, daarvoor is daar rede want die ernstigste skof het ons reeds 'n maand gelede begin, en die end daarvan sal vir menigeen 'n belangrike tydstip wees.

* * *

By hierdie geleentheid val ons die onaangename taak te beurt om 'n vaarwel toe te roep aan dr. Gie, wat vir etlike jare so 'n belangrike posisie aan ons Universiteit beklee het. As hierdie blad verskyn sal dr. Gie hom wellig reeds in die administratiewe hoofstad bevind, en ons wil hom verseker dat ons beste wense hom vergesel. Ons is daarvan oortuig dat hy nou nog 'n groter werk meer direk in die belange van ons hele volk sal verrig.

* * *

Egter ag ons onsself gelukkig om iemand soos dr. Blommaert te hê om dr. Gie as voorsitter van die Senaat op te volg. Ons wil dr. Blommaert gelukwens met die verantwoordelike rol wat hy nou aan die Universiteit speel, en ook in die toekoms sal speel. Ons is daarvan oortuig dat 'n so belangrike werk nie in bekwamer hande kan gekom het nie.

* * *

'n Tydjie gelede is die hele samelewing van Stellenbosch geskok deur die skielike nuus van die afsterwe van mnr. John X. Merriman. Ongetwyfeld is hy 'n persoonlikheid gewees waaraan die gemeenskap van Stellenbosch met trots kan terugdink. Ons land het seker nie nog 'n burger opgelewer met so 'n politieke loopbaan agter hom nie. Ook in studentekringe is sy afsterwe as 'n merkwaardige verlies gevoel, en ook sal sy plek op die Universiteitsraad as 'n leegte gevoel word.

* * *

Soos gewoonlik het die end van die eerste semester meegebring dat etlike studente hulle *Alma Mater* verlaat het om die kennis wat hulle hier opgedoen het aan die diens van die maatskappy te bring. Op die manier het daar vyf vakante plekke op die S.V.R. ontstaan. Die here H. A. du Toit, M.A., Theo. Pauw, N. J. Uys, B.A., J. H. van der Walt en A. H. Jonker, B.A. wat gekies is om die plekke op te vul, wil ons gelukwens met die posisie wat hulle in ons studenteunie te beklee sal hê. Dit is tewens 'n posisie waaraan groot verantwoordelikheid verbonde is, maar ons verwag, nee, ons is daarvan oortuig, dat hulle hulle hierdie verantwoordelikheid nie onwaardig sal betoon nie.

* * *

Nog 'n onaangename taak, wat ons hierdie keer deelagtig geword het, is om 'n afskeidsgroet toe te roep aan mnr. P. A. Weber, B.A., wat vir anderhalf jaar op die redaksie van ons blad werksaam was. Gedurende die afgelope halfjaar het mnr. Weber as hoofredakteur opgetree, en dit is 'n feit dat ons blad

onder sy beleid 'n peil bereik het waarop ons as studente van die Universiteit met reg trots kan wees. Waar hy nou werksaam is op die redaksie van „Die Burger" wens ons hom hartlik geluk met sy aanstelling. Ons weet dat hy daar met dieselfde ywer sal werk, wat steeds kenmerkend van hom was, en ons wens hom alle sukses op sy verdere loopbaan toe.

* * *

Krygsgevangene-Onderwysers

Mnr. J. B. Thom, die vader van prof. H. B. Thom, verskyn op hierdie foto saam met 'n groep Vrystaatse krygsgevangenes, wat deur die Engelse owerheid uit die geledere van die krygsgevangenes uitgesoek is, omdat hulle reeds met die onderwys te doen gehad het, sodat hulle die onderwys van die Penkoppe in die kamp kon waarneem. Die foto is vermoedelik in 1901 in die kamp op Groenpunt (Kaapstad) geneem net voor hulle na Indië as bannelinge moes vertrek. Mnr. Thom sit voor, links.

Skooldae op Burgersdorp

Mnr. J. J. van Heerden van Van Zylstraat, Robertson, het in 1922 op Burgersdorp begin onderwys gee. Prof. Thom was toe in st. IX en die jong Van Heerden was sy voetbalbreier in die jare 1922–'23 toe Quintie, die vyfde *Hendrik Bernardus* Thom, vir die hoërskool se eerste span senter gespeel en uitgemunt het met sy „netjiese en afgeronde" spel.

Die finale wedstryd van 1923 se seisoen word veral onthou. Dit was teen die Hoërskool Molteno. In 'n uiters taai wedstryd het senter Thom deur 'n gaping geglip en die enigste drie van die wedstryd aangeteken. Daardie drie het Burgersdorp in staat gestel om die Noordoostelike Skole se rugbyskild die eerste maal in die geskiedenis te verower.

'N MANLIKE INSTELLING

Mnr. Van Heerden beskryf die Thom-gesin as 'n baie manlike instelling. Daar was nie net die ses seuns, van wie prof. Thom die tweede oudste was nie, maar mnr. W. Malherbe, die onderwyser in Geskiedenis, was ook 'n „integrale" deel van die gesin. Die middelpunt van

die agt mansmense was egter die vriendelike, aantreklike mev. Thom, met haar besonder jeugdige voorkoms, wat die gesin gehanteer het sonder om harde woorde te laat val.

Vader Thom word as 'n unieke persoonlikheid beskou. In sy jeug het hy as Kaapse rebel in die Tweede Vryheidsoorlog geveg en was begryplikerwys lief om vir enige probleem 'n analogie in sy ondervindinge uit daardie oorlogstyd te vind. In die skool, waarvan hy die hoof was, het sy leerlinge dikwels gehoor van „die dae toe ons op kommando was". In daardie tyd het Afrikaanse en Engelse skoliere in dieselfde klas gesit, sodat soms 'n gemor van Engelse kant gehoor is omdat die Engelse gewoonlik die swakste daarvan afgekom het. Sy belangstelling in munisipale sake was groot – en sy kommentaar daarop partymaal onbeskryflik gevat.

DIE MENTOR

Mnr. Willem Malherbe was besonder geheg aan die gesin, maar Quintie was sy gunsteling. Hierdie verstandige en ewewigtige man met sy vaste christelike beginsels, was 'n raadsman en 'n bron van inspirasie vir die Thom-seuns. Die werk en invloed van hierdie geskiedenisonderwyser sou verder en hoër gevoer word deur sy oud-leerling, H. B. Thom, professor in geskiedenis, rektor van die Universiteit Stellenbosch, voorsitter van die Nasionale Onderwysraad!

Quintie Beantwoord 'n Voorgeskrewe Vraag in St. Agt

HERINNERING 11.4.21

8/10 (Punte toegeken) 11.4.21 (Datum van werkstuk)
16.4.21 (Datum nagesien)

In een dorp tussen Hoogstraten en Calmpthout in de antwerpse Kempen woonde Peer Gansendonck, de baas van die afspanning, „De Sint Sebastiaan".

Conscience kende hem na 1830 toen hij soldaat was. Baas Gansendonck kon soldaten en boeren niet lijden en wou dus maar altoos liever met officieren en hoge lui te doen hebben.

Hij had een lief, doch zieklik, dochtertje, genaamd Liesje die Conscience telkens met speelgoed, zang of vertellingen vertroostte en verkwikte.

Toen Conscience de afspanning verliet schreide Liesje bitter maar ze vergat 't weer evengauw. Jaren daarna brachten de dwaalreizen van Conscience hem weer in hetzelfde dorp en wat was hij blij toen hij weer die uithangbord van de afspanning zag want hij wist dat hij Liesken weer zou zien.

Hij zag weer de lindebomen, de pachthoeve, het kerkje en vele andere dingen, en 't scheen alsof al die dingen de taal van zijn hart spraken.

Toen hij voor de afspanning stond scheen het hem alsof hij Liesken hoorde spreken en zelfs ook wezenlik zag. Maar hij was teleurgesteld want hij zag Liesken, Baas Gansendonck, en ook zelfs de schuiftafel, waarop hij en zijn kameraden menig kan bier verspeelden, niet.

Maar toen zeide hij tot zichzelven dat het leven gelijk een van de reuzestromen van Amerika . . .


is, die 'n tijd lang vreedzaam tusse
de oevers vloeiet, maar eenskleps
van een berghoogte in huilende
draaikolken afstort en stromend
en verbrijzelend voortrolt.
De mens is een strohalm, die op
de stroom drijft; de jeugd is de
stille vaart tusse de oevers; de
menselike maatschappij is de
brezende waterval en de
slingerende maalstroom, waarin
de mens als een strohalm wordt
gestort; hij valt, wordt gefolterd,
geknesen, verpletterd, en wie
kan dan zeggen op welke oever
de strohalm geworpen zal worden

Vandag 'n bekende handtekening



Aanstellings en Bevorderings

DR. THEODOR GOTTFRIED SCHWÄR

Die raad van die U.S. het die aanstelling van dr. T. G. Schwär as professor in Geregtelike Geneeskunde goedgekeur. Dr. Schwär is senior staatspatoloog in Kaapstad. Hy is reeds sedert 1959 hoof van die departement Geregtelike Geneeskunde van U.S.

Hy is in Januarie 1927 te Dorfilm in Thüringen, Duitsland, gebore. In Mei 1927 het sy ouers na Suid-Afrika geëmigreer en het sy vader die predikant van die Lutherse gemeente Braunschweig (in die King-William's Town-distrik) geword.

Dr. Schwär het sy skoolopleiding in Windhoek voltooi, en het in 1945 sy mediese studie aan die U.S. begin en in 1950 aan die Universiteit van Pretoria die grade MB., Ch.B., behaal.

Prof. T. G. Schwär

PROF. A. DIXON

Die Raad van U.S., sowel as die Departement Landbou-Tegniese Dienste, het die bevordering van mnr. A. Dixon, tans senior lektor in Suiwelbereiding, tot professor met ingang 1 Julie 1969 goedgekeur.

Mnr. Dixon het in 1948 die graad M.Sc. in Suiwelveeteelt aan die Universiteit van Pretoria verwerf. Hy is daarna vir verdere studie na die V.S.A. waar hy die graad M.Sc. in Landbou aan die Universiteit van Wisconsin verwerf het.

Hy het reeds 'n hele aantal publikasies op sy vakgebied die lig laat sien en was verantwoordelik vir verskeie ondersoeke vir boerdery- en nywerheidsinstansies.

Prof. A. Dixon



PROF. A. E. SCHEURKOGEL

Prof. A. E. Scheurkogel, tans professor in en hoof van die Departement Bedryfsekonomie aan U.O.V.S., is met ingang 1 Januarie 1970 aangestel as professor in Vervoerekonomie en waarnemende hoof van die Departement van Bedryfsekonomie aan U.S.

Prof. Scheurkogel het agt jaar aan U.S. onder prof. C. G. W. Schumann gestudeer. Hy het die graad D.Comm. (1966) aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy het wye ervaring opgedoen as navorser aan die Buro vir Ekonomiese Ondersoek van U.S., in die Suid-Afrikaanse Reserwebank, as hoof van die beplanningsafdeling van 'n diamantmyn in Tanzanië, en later as hoof van die Tegno-ekonomiese groep van die W.N.N.R.

Hy is die skrywer van 'n groot aantal publikasies op sy vakgebied en dien ook in verskeie advieskomitees.

Prof. G. P. J. Trümpelmann, is weer vir 1970 benoem as professor in Duits. Prof. Trümpelmann wat reeds aan die einde van 1968 afgetree het, is weer aangestel vir 1959, soos nou ook vir 1970 gebeur het.

Dr. Jan Bouws, is weer vir 1970 aangestel as lektor in Volksmusiek.

Dr. G. van W. Kruger, lektor in Grieks, is bevorder tot senior lektor.

Mnr. U. R. R. Plüddemann, lektor in Duits, is bevorder tot senior lektor.

Mnr. J. A. G. Malherbe, is aangestel as senior lektor in Elektrotegniese Ingenieurswese.

Mej. J. A. Yeld, onderwyseres in Latyn aan die Hoër Meisieskool, Observatory, is aangestel as lektrise in Klassieke Tale.

Mnr. H. N. Robertson, tans lektor in Suiwelbereiding, is bevorder tot senior lektor.

Mnr. Robertson het die graad M.Sc. in Landbou (cum laude) in 1964 aan U.S. verwerf. Hy is sedert 1962 as dosent en navorser aan die Universiteit en die Stellenbosch-Elsenburg-Landboukollege aangestel.

Mnr. W. de W. Bronkhorst, is aangestel as Senior administratiewe beampte in die finansiële afdeling van die Universiteitskantoor.

Mnr. F. H. A. de Wit, is aangestel as administratiewe beampte in die finansiële afdeling van die universiteitskantoor.

As ek U Hemele aanskou

PSALM 8 : 4, 5

(Verkorte weergawe van 'n preek gelewer deur dr. J. S. Gericke, predikant van die N.G. Gemeente Stellenbosch-Sentraal en ook Vise-kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, op Sondag, 20 Julie 1969.)

„As ek u hemele aanskou, die werk van U vingers, die son en die maan wat U toeberei het, wat is die mens dat U aan hom dink en die mensekind dat U hom besoek."

Nog nooit in die geskiedenis van die wêreld is die aandag en belangstelling só beetgepak deur 'n prestasie van menslike kennis en vernuf soos in die geval van die onderneming wat hopelik vanaand om 10.16 tot sy hoogtepunt gevoer gaan word nie. Vir geen enkele wetenskaplike projek is meer mense ingespan en groter koste aangegaan as vir hierdie reis na die maan nie.

Wanneer miljoene mense vanaand na die maan kyk met die verbysterende besef dat twee manne op die onherbergsame hemelliggaam vertoef, sal die roem van die mens, sy kennis en vermoëns, hoogtes bereik soos nooit vantevore nie. Die roem van *menslike grootheid* sal ongetwyfeld die hoofgedagte wees.

Maar 3000 jaar gelede was daar 'n man wat na die hemelruim opgekyk het wanneer hy oor sy vader se skape die wag gehou het. Hy was geen geleerde met die kennis van hedendaagse sterrekundiges nie. Hy het nie geweet dat die Aarde waarop hy staan, slegs 'n klein hemelliggaampie is nie – in vergelyking met Antares slegs 1 dm. tot 2½ myl – of van die ontelbaarheid van die 300,000 miljoen sterre slegs in die Melkweg nie! Hy het aan die *Skepper* van die wondere gedink.

Dawid kon slegs met die blote oog na die sterre kyk – van afstande, groottes en getalle het hy nie geweet nie. Drieduisend jaar na hom het die mens 'n apparaat vervaardig waarmee hy die naaste hemelliggaam kon besoek – en hoe dieper die mens indring in die misterie van die heelal, hoe groter het die wonder, en hoe ontsagwekkender die misterie geword. „Wanneer ek my teleskoop op die sterrehemel rig, voel ek soos Moses by die brandende bos: uit eerbied wil ek my skoene uittrek," het 'n bekende sterrekundige gesê.

Indien die poging van die V.S.A. slaag, sal gelukwense daarheen stroom en die volk wat die „wedloop" gewen het, sal feesvier, maar ons vrees dat die taal van die Psalmis nie te duidelik gehoor sal word nie. Dit mag dalk lui: „O *mens,* hoe heerlik is jou naam . . ."

Wanneer Dawid die grenslose bokant hom beskou, dink hy aan die Almag van God, en daag verwondering en aanbidding in sy hart. Hy dink aan die kere toe die Here sy volk besoek het – by Bethel, die Rooi See, Sinai en Rafidim, die Jordaan en Jerigo. Hy sou die wolk, die vuurkolom, die woestynreis – ja, al die bakens langs die pad – in sy herinnering kon oproep . . . geleenthede toe sy God aan die mense gedink het.

Maar die volledige antwoord op sy vraag sou eers duisend jaar later kom, toe daar weer mense op Betlehemsvelde gestaan het, na die Engelelied geluister het, en manne wat na die sterre gekyk het, na Betlehem gelei is. En wanneer die skaapwagters, die wyse manne, Simeon en Anna na die kindjie gekyk het, het hulle God se antwoord gesien, want God het só aan die mens gedink, dat Hy hom in eie persoon kom besoek het.

Waarom het dieselfde kindjie later van noord na suid, van oos na wes oor die stowwerige paaie van Sy land gewandel? Omdat God wat die maan en die sterre gemaak het, aan die mens gedink het en hom in sy verlorenheid kom opsoek het.

Waarom kruip die Seun van die mens in Gethsemane en word Sy sweet soos bloed; waarom kom Hy nie af van die kruis nie; waarom word Hy deur God verlaat?

Begryp ons dat God hiermee die volledigste en heerlikste antwoord op die vraag van ons teks gegee het? Om die maan en die sterre toe te berei, was slegs

'n deeltjie van God se genade en almag nodig – daarom noem Dawid dit die werk van Sy vingers. Toe God egter *aan die mens gedink het, het Hy homself gegee, volledig tot in die dood.*

Wanneer die roem op menslike prestasie in hierdie dae alle perke oorskry, is wat van die mens gesê word, nog lank nie die mooiste en die betekenisvolste wat van die mens gesê *kan* word nie. Die wonderlikste nuus wat aan hierdie wêreld gebring kan word, is dat dié God wat die maan en die sterre gemaak het, ook aan u en my met soveel ontferming gedink het dat Hy ons kom besoek het.

Die hoogste roem wat na die mensekinders kan kom, sal altyd wees dat ons so kostelik in die oë van die Here is, dat Hy sy eniggebore seun gegee het . . .

So wil ek graag vanaand na die maan en die sterre kyk, na Sy hemel en die werk van Sy vingers, en dan in dankbare aanbidding staan voor dié God wat só aan my gedink het, dat Hy my op so 'n wyse besoek het.

Vasco Da Gama-Aand

Op 26 Augustus 1969 het die Universiteit, in medewerking met die Historiese Genootskap van Suid-Afrika en die Portugese Ambassade 'n spesiale program ter herdenking van die geboorte van Da Gama, 500 jaar gelede, en van sy reise, aangebied.

In die voorsaal van die H. B. Thom-teater is 'n interessante tentoonstelling van ou dokumente, literatuur, foto's, gravures en kaarte gehou.

KLEIN VOLK MET GROOT PRESTASIES

Prof. Dirk Kotzé het in sy gedenkrede benadruk dat 'n klein groepie mense met 'n ideaal veel kan bereik sonder dat hulle fanatici hoef te wees. Daar is etlike voorbeelde van klein volke soos die Portugese wat groot dinge tot stand gebring het. Toe Portugal in die vyftiende eeu in die ontdekkingsreise die voortou geneem het, was Portugal se bevolking slegs een en 'n kwartmiljoen en Lissabon, die hoofstad, ongeveer twee maal so groot as die huidige Stellenbosch. Die kwaliteit van 'n land se mense is egter belangriker as blote getalle.

Gemeet aan pligsgevoel, moed, die trotsering van gevare en deursettingsvermoë, was Vasco da Gama werklik groot toe hy op 38-jarige leeftyd in 1497 met sy

L.n.r.: Mnr. A. Mendonca, mnr. P. M. H. Calitz (Voorsitter van die Wes-Kaaplandse Tak van die Historiese Genootskap), Sy Eksellensie dr. J. Rosa, prof. H. B. Thom (Rektor) en prof. D. J. Kotzé.



120 manskappe en vier klein skepies op die reis van 12,000 myl vertrek het.

Sy Eksellensie dr. José Rosa, Ambassadeur van Portugal, het spesiaal vir die geleentheid na Stellenbosch gekom. Hy het dit besonder gewaardeer dat so 'n fees aan die Universiteit georganiseer is. Die Portugese en die Suid-Afrikaners is twee nasies wat vasbeslote is om die uitdagings te aanvaar. Albei is Christennasies wat in vrede en goeie buurskap met mekaar lewe.

Mnr. A. M. Mendonca het uit die joernaal van die eerste reis van Da Gama voorgelees en 'n lopende vertaling gelewer van die gebeure vandat Da Gama die kus van Suid-Afrika by St. Helenabaai aangedoen het tot hy by Natal gekom het. Die humor en plastiese beskrywings deur Da Gama, en die knap vertaling, het die gehoor geboei.

Prof. Thom kon in sy bedankingswoord met reg verklaar dat daar inspirasie uitgaan uit sulke programme wat handel oor die tye toe die geskiedenis van ons land nog baie jonk was.

Die Stellenbosse Kunsfeeste van 1969

Die Kunsfeeste wat elke drie jaar deur die Universiteit aangebied word, het vir die gereelde besoekers dié aantreklikheid dat hulle, afgesien van die basiese musiek, toneel en tentoonstelling, vanweë die skema wat deur die komitee onder voorsitterskap van prof. R. H. Behrens uitgewerk word, volop moontlikheid tot die gewenste variasie gee.

So het ook vanjaar se Kunsfees wat onder beskerming van ons Kanselier, dr. B. J. Vorster en mev. Vorster, en met die Rektor, prof. H. B. Thom, en mev. Thom as erepresidente in Augustus en September gehou is, 'n ryk verskeidenheid van kulturele bedrywighede vertoon. Die aandeel wat ons eie kunstenaars hierin gehad het, was verblydend groot, al is die blywende medewerking van buitelandse kunstenaars 'n onmisbare onderdeel van die manifestasies soos hierdie Kunsfees.

Dit het geblyk by die onvergeetlike openingskonsert deur die Paul Kuentz-Kamerorkes van Parys, die optrede van die Belgiese pianiste Claude-Albert Coppens en André de Groot, die Weense pianis Walter Klien, die Duitse klavesimbelspeelster Edith Picht-Axenfeld en die Switserse hoboïs Heinz Hölliger wie se konsert een van die hoogtepunte van die fees was.

Ook ons eie kunstenaars het groot en welverdiende belangstelling getrek. Die trio Eva Tamassy, Pierre de Groote en Boudewyn Scholten het in die stemmingsvolle Kerkhuis twee Barokmusiekaande gehou en Joy

Die Paul Kuentz-kamerorkes van Parys.



van Niekerk (sopraan) en Boudewijn Scholten 'n gewyde konsert in die Lutherse Kerk. Ook die konsert van twee jong Suid-Afrikaanse kunstenaars, die pianiste Tessa Uys en die violis Robin Alleson, sowel as dié van Raphael Sommer (tjello) en Yonty Solomon (pianis), het die hoë peil gehandhaaf.

'n Besondere gebeurtenis was die optrede van die nuwe Konservatoriumorkes onder die besielende leiding van Paul Mertens, wat nou reeds 'n verryking van die musiekbeoefening van Stellenbosch geword het. Vanjaar het ook die Studentesangfees met die kunsweke saamgeval en kon 'n vrolike noot die ernstiger programme afwissel.

In die Kunsmuseum van die Universiteit kon gedurende die feesweke agtereenvolgens uitstallings van pastels en tekeninge van prof. Otto Schröder en



Dr. Jan Bouws

L.n.r.: Mnre. Boudewijn Scholten, die hoboïs Heinz Hölliger, die Klavesimbelspeelster Edith Picht-Axenfeld en prof. Richard Behrens.

werk van die jongere generasie van dosente van die Departement van Beeldende Kunste t.w. Jochen Berger, Eberhard Dechow en Rolf Streuber besigtig word, terwyl die boekbinder Heribert Wirth voorbeelde van pragtige bindwerk en restourasie van ou boeke vertoon het. Die bekende fotografiese kunstenares Alice Mertens het met haar tentoonstelling van haar fotografiese werk uit Stellenbosch en Suidwes-Afrika hierdie reeks in die Kunsmuseum voortreflik afgesluit.

Die H. B. Thom-teater het gasvryheid verleen aan die besoekende Dryden Society, studente van Trinity College uit Cambridge, wat met die opvoering van werke van Shakespeare en Peter Weiss (Marat-Sade) ongelukkig nie aan die hooggestemde verwagting voldoen het nie – in teenstelling met dié van ons eie Departement van Drama wat onder leiding van Ria Olivier 'n boeiende opvoering van *Die Pluimsaad Waai Ver* (N. P. van Wyk Louw) en die KRUIK-geselskap wat, onder Robert Mohr, *Cyrano de Bergerac* van Edmond Rostand (in die Afrikaanse vertaling van André P. Brink) aangebied het. Die groot belangstelling van die kant van die publiek vir al hierdie kunsuitinge is 'n duidelike bewys vir die bestaansreg van hierdie soort kunsfeeste wat deur ons Universiteit aangebied word.

Dr. Jan Bouws

Akademiese Uitbreiding

Die M.B.A.-Kursus en Buitelandse Dosente

Vyf dosente van vooraanstaande Sakeskole in Europa het gedurende die afgelope jaar ingevolge die uitruilskema tussen die Universiteit van Gent, België, en die Universiteit van Stellenbosch, aan die Sakeskool van die Universiteit klas gegee. Dit was in die geval van een van die dosente reeds sy derde besoek aan Suid-Afrika.

Die gasdosente wat vanjaar na Stellenbosch gekom het, was prof F. van Winckel (produksiebestuur) van die Universiteit van Leuven, prof. R. Bilsen (kommersiële bestuur) wat verbonde is aan Fontainebleau en Gent), dr. L. Dewulf (finansiële bestuur) van Gent, dr. J. Reussens (kommersiële bestuur) van Gent, en dr. J. H. Dehondt (algemene bestuur). Dr. Dehondt is tans hoofbestuurder in België van die D.A.F.-motormaatskappy en is deeltyds verbonde aan die Universiteit van Gent.

Die aanvanklike kontak tussen Stellenbosch en die Universiteit van Gent is bewerkstellig deur die bemiddeling van prof. A. J. Vlerick, van Gent en tans ook Minister van Streekbeplanning in Vlaandere en prof. Jan van der Meulen van Stellenbosch. Prof. Vlerick was in 1968 self in Suid-Afrika en het by dié geleentheid 'n kursus in Algemene Bestuur aangebied.

Van die kant van die studente word die teenwoordigheid van die Europese gasdosente besonder waardeer, aangesien hulle ervaring en kennis bydra tot 'n besondere verruiming van die insig van die studente in die sakebestuur en -administrasie. Omdat die dosente in die meeste gevalle op 'n deeltydse of voltydse basis in senior nywerheidsbetrekkings staan, beskik hulle oor 'n skat van ervaring gepaard met grondige akademiese kennis, wat 'n groot bydrae tot die sukses van die M.B.A.-kursus is.

Die dosente van die Universiteit van Stellenbosch, het tot dusver die doseerwerk aan M.B.A.-studente op deeltydse basis behartig. Die persone wat vanjaar die doseerwerk behartig het, is die volgende :

Prof. J. van der Meulen (finansiële bestuur),

Dr. A. B. Boshoff, uitvoerende amptenaar van Personeelkonsultante (Personeelbestuur en menslike verhoudings),

Dr. H. Muller (Algemene Bestuur),

Mnr. V. W. Smit (Produksiebestuur),

Mnr. A. Hogenbirk-Wynberger (Kommersiële Bestuur),

Mnr. J. A. Matthee (Bestuursrekeningkunde),

Prof. D. E. W. Schumann en dr. A. Schoeman (Wiskundige Statistiek en Operasionele Analise),

Mnr. P. E. Kotzé (Bestuursekonomie), en

Mnr. A. J. M. de Vries (Besigheidsvooruitskatting).

Prof. Jan van der Meulen



DIE VOLTYDSE HOOF VAN DIE SAKESKOOL

Die Raad van die Universiteit het prof. *Jan van der Meulen,* tans hoogleraar in Bedryfsekonomie vir drie jaar as professor in Besigheidsbestuur en -administrasie aangestel. Prof. Van der Meulen tree reeds sedert 1964, toe vir die eerste maal met die opleiding van M.B.A.-studente begin is, in 'n waarnemende hoedanigheid op as hoof van die Sakeskool. Die nuwe aanstelling sal meebring dat hy vanaf 1970 voltyds hoof van die nagraadse Sakeskool van die Universiteit in Bellville sal wees.

Dr. H. P. Muller, senior lektor in Bedryfsielkunde, sal ook vanaf 1970 voltyds aan die Sakeskool verbonde wees as senior lektor in Personeelbestuur.

Dr. Muller het in 1958 die graad B.Comm., in 1960 die graad M.Comm. (cum laude) en in 1967 die graad D.Comm. aan die Universiteit van Stellenbosch behaal. Hy is sedert 1960 aan die personeel van die Universiteit verbonde en hy tree ook op as konsultant van die Stellenbosch-Boerewynmakery Bpk.

Prof. N. Lochner, hoof van die Navorsingsafdeling van die Europese Parlement, het verlede maand terug na Europa vertrek nadat hy van die begin van vanjaar as besoekende professor in Vervoerekonomie aan U.S. verbonde was.

Foto l.n.r.: Prof. R. Bilsen van Antwerpen; prof. H. B. Thom en dr. L. Dewulf van die Universiteit van Gent.

BELGIESE DOSENTE

Twee bekende Belgiese geleerdes het gedurende die eerste helfte van vanjaar kursusse vir die M.B.A.-studente van die Fakulteit van Handel in Bellville aangebied.

Dr. H. P. Muller

Prof. N. Lochner.

NUWE GRADE IN DIE HANDELSWETENSKAPPE

Die Universiteitsraad het die instelling vanaf 1970 van die grade B.Econ., Hons.-B.Econ., M.Econ. en D.Econ. goedgekeur. Hierdie nuwe grade se instelling val saam met die afskaffing van die graad B.A. (Handel).

Die graad B.Econ. kan binnemuurs in drie jaar en buitemuurs in vier jaar voltooi word.

NAGRAADSE KURSUSSE IN BYBELKUNDE

Die Universiteitsraad het die instelling van nagraadse kursusse in Bybelkunde goedgekeur. Die nuwe kursusse wat ingestel is, is die graad Hons.-B.A., M.A. en D.Phil.

Bybelkunde word reeds sedert 1965 as 'n vak vir die graad B.A. gedoseer. Aanvanklik is dit deur deeltydse personeel aangebied, maar met die aanstelling van dr. L. M. Muntingh, as senior lektor in Bybelkunde van Julie 1969, het 'n volwaardige departement Bybelkunde tot stand gekom.

ITALIAANS AS UNIVERSITEITSVAK

'n Kursus in Italiaans sal aan die Universiteit ingestel word. Daar sal op 'n later stadium meer besonderhede oor die kursus en die personeel bekend gemaak word.

Skenkings en Beurse

Die Raymond Wilcocks-Beurse

Mev. B. A. A. Wilcocks wat op 20 Junie 1969 oorlede is, het in haar testament 'n bedrag van R100,000, asook sekere skilderye, en al die boeke oor sielkunde van haar oorlede eggenoot, aan die Universiteit van Stellenbosch bemaak.

Die dividende en rente op gemelde bedrag moet gebruik word om beurse te stig vir die verdere opleiding van nagraadse studente. Die beurse sal op meriete deur die Universiteitsraad van Stellenbosch toegeken word en elke beurs sal R1,000 per jaar beloop vir 'n periode van een tot drie jaar, volgens die lengte van die studie.

Die beurse sal gebruik word aan U.S., of elders, na die keuse van die beurshouer. Die beurse sal die *Raymond Wilcocks-beurse* genoem word.

Wyle prof. Wilcocks, eggenoot van die testatrise, was van *1935* tot *1954* rektor van U.S. en is op 16 Maart 1967 oorlede. Hy is deur prof. H. B. Thom as rektor opgevolg.

Raymond William Wilcocks

V.l.n.r.: Mnre. I. M. Smith, E. B. Hoffman, J. T. Wickens, J. G. Pauw, J. A. Coetzee, prof. F. D. du T. van Zijl, mnre. M. A. Muller, J. F. Maritz, D. P. de Klerk, F. F. F. Birkholtz, R. A. Robson, J. G. Perold en P. E. de Wet.

Sanlam Oorhandig R10,000

Sanlam het R50,000 bewillig aan die Geneeskundige Navorsingsfonds van die Universiteit van Stellenbosch. Op die foto oorhandig mnr. J. G. Pauw, Wyksbestuurder van die Sanlam-tak op Stellenbosch, die tweede paaiement van R10,000 aan prof. F. D. du T. van Zijl, Dekaan van die Fakulteit van Geneeskunde (regs) in die teenwoordigheid van die lede van die Geneeskundige Studenteraad.

Die Petrusa van Zijl-fonds

Mev. Petrus B. Groenewald, van Huis Piet du Toit in Rosebank, die weduwee van mnr. C. N. Groenewald, in lewe 'n bekende prokureur in Kaapstad, het aan die Universiteit van Stellenbosch 'n bedrag van R30,000 geskenk. Die opbrengs op R20,000 hiervan is bedoel vir beurse en/of lenings aan studente, terwyl die orige R10,000 'n skenking aan die Universiteit se Fonds vir Geneeskundige Navorsing uitmaak. Die skenking sal in 'n fonds gekonsolideer word wat as *Die Petrusa van Zijl-Fonds* bekend sal staan.

Mev. Groenewald is die dogter van wyle mnr. en mev. Jacobus van Zijl van die plaas Aties in die distrik Vanrhynsdorp. Mnr. Van Zijl was die lid van Namakwaland in die ou Kaapse Parlement. Mev. Groenewald was baie jare 'n onderwyseres en het later in Seepunt gewoon. Haar eggenoot is reeds in 1948 oorlede.

Prof. Thom het as Rektor namens die Universiteit van Stellenbosch besondere dank en waardering teenoor mev. Groenewald vir hierdie ruimhartige skenking betuig.

Mev. Petrusa Groenewald

Bemaking

Ds. en mev. G. S. Möller van die Hugenote Kollege, Wellington, het die bedrag van R1,505 aan die Universiteit geskenk. Hierdie geld is die nalatenskap van hul seun Hendrik, wat as tweedejaarstudent in die Geneeskunde in September 1968 in 'n motorongeluk tussen Stellenbosch en Kuilsrivier oorlede is.



Besoekers

Min. Botha Besoek Bosbouers

Op die tweede Junie vanjaar het die Minister van Waterwese en Bosbou, mnr. S. P. Botha, die Fakulteit van Bosbou in die P. O. Sauer-gebou besoek.

Hier beskou die Minister 'n reusesaad, terwyl prof. Wicht 'n mini van dieselfde familie tussen sy vingers hou.

V.l.n.r.: Prof. C. L. Wicht, Sy Ed. S. P. Botha, prof. G. L. F. Hartwig, dr. A. van Laar, dr. D. G. M. Donald, mnr. H. L. Malherbe (Sekr. van Bosbou) en prof. P. C. de Villiers.

Die President van die Wêreldhof 1965

Op 15 September vanjaar het Sir Percy Spender, President van die Wêreldhof te Den Haag in 1965, en sy eggenote, Lady Spender, van hulle tuisland Australië 'n besoek aan Suid-Afrika, en by daardie geleentheid ook aan die U.S., gebring. Hulle was vergesel van regter J. T. van Wyk, wat die ad hoc-verteenwoordiger

V.l.n.r.: Mev. H. B. Thom, Regter Theo van Wyk, Lady Spender, prof. H. B. Thom (Rektor), Sir Percy Spender en mev. J. T. van Wyk in die kantoor van die Rektor. (Foto onder.)



van S.A. in die regbank van die Wêreldhof i.s. die Suidwes-Afrika-verhoor was. Sir Percy het hom ingegrawe in die harte van Suid-Afrikaners deur sy moedige uitspraak ten gunste van S.A.

Bolandse Landbou-unie

Die Rektor onthaal die Bolandse Landbou-unie.

V.l.n.r.: Adv. P. R. de Villiers (Sekretaris van die Kaaplandse Landbou-unie), mnr. Danie Carinus (Voorsitter van die Stellenbosse Boerevereniging) en prof. H. B. Thom (Rektor van die Universiteit van Stellenbosch), tydens 'n gesellige onthaal wat in Wilgenhof aangebied is.
(Foto bo.)

In Vino Veritas

DIE BESTE DEEL VAN 'N OPFRISSINGSKURSUS

Op Dinsdagaand 8 Julie 1969 het die Rektor, prof. H. B. Thom, in Harmonie 'n onthaal aangebied aan die kursusgangers van die opknappingskursus in Latyn en aan die studente vir die Diploma in Spesiale Onderwys.

V.l.n.r.: Prof. J. F. A. Swartz (U.S.), mnr. J. F. Millar (Upington), mnr. A. du Preez (Port Elizabeth), dr. C. Reyneke (Onderhoof van Sielkundige Dienste, Dept. van Onderwys), mnr. J. C. Neethling (Bellville) en mnr. F. J. J. Louw (U.S.).

Oud-Maties

NUWE ADMINISTRATEUR VAN DIE VRYSTAAT

Sy Edele G. F. van L. Froneman, Adjunk-minister van Justisie, Mynwese en Beplanning, is as die nuwe Administrateur van die Vrystaat, in die plek van mnr. Sand du Plessis aangewys.

Weer eens kan die gedagte van dr. B. J. Vorster, Kanselier van U.S., aangehaal word toe hy op 7/3/69 op Stellenbosch gesê het: „Niemand sal hoef te soek na U.S. se oud-studente nie . . . Hulle het geleer om hulle plekke in te neem waar dit nodig is."

Sy Ed. G. F. v. L. Froneman

DIE EERSTE PRESIDENT VAN DIE S.A. MEDIESE NAVORSINGSRAAD

Prof. A. J. Brink, professor in Interne Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch is met die totstandkoming van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad op 1 Julie 1969, deur die Regering aangestel as die eerste President van dié Raad.

Dr. Carel de Wet, Minister van Gesondheid, het in 'n verklaring onder meer die volgende van bovermelde Raad gesê:

„Die Raad sal belas wees met al die aangeleenthede rakende mediese, tandheelkundige en verwante biologiese en fisiese navorsing in die Republiek en moet die Minister van advies bedien oor hierdie sake. Die Raad sal o.m. navorsing onderneem, dit aanmoedig, koördineer en geldelik steun, en wetenskaplike en tegniese inligting versamel.

Die Raad sal 'n outonome liggaam wees met 'n voorsitter, onder-voorsitter en twaalf lede . . ."

Met die aanvaarding van sy nuwe betrekking en die verpligtinge wat dit meebring, is prof. Brink verplig om ook sy amp as Direkteur van die Degenerasie Siektetoestande Groep van die Universiteit van Stellenbosch en die W.N.N.R. neer te lê.

Die „American College of Cardiology" het prof. Brink in Julie 1969 tot „Fellow" van dié Kollege verkies. Dit maak hom een van vyf Suid-Afrikaners wat in hierdie eervolle toekenning deel.

Prof. A. J. Brink



DIE MODERATUUR

Tydens die Sinodesitting van die Kaapse N.G. Kerk is op 16 Oktober 1969 die volgende oud-Maties tot lede van die Moderatuur gekies :

Moderator : Dr. J. S. Gericke (herkies)
Assessor : Ds. A. J. van Wijk
Scriba : Ds. W. A. Landman (herkies)
Actuarius : Dr. J. D. Vorster (herkies)
1e Assistent-Scriba : Ds. G. S. J. Möller
2e Assistent-Scriba : Ds. J. W. Hanekom.

DEKAAN VAN FAKULTEIT VAN GENEESKUNDE, U. O. V. S.

Dr. Francois Pieter Retief, M.B., Ch.B. (Kaapstad), D.Phil. (Oxon.), M.R.C.P. (Edin.), M.D. (Stell.), voltydse lektor in Algemene Interne Geneeskunde aan die Fakulteit van Geneeskunde van U.S. en internis aan die Karl Bremer-hospitaal is aangestel as die eerste professor in Interne Geneeskunde en ook as Dekaan van die pas gestigte Fakulteit van Geneeskunde aan die Universiteit Oranje-Vrystaat.

Die Universiteit van Stellenbosch voel geëerd dat hierdie onderskeiding een van sy dosente te beurt val en wens hom alles van die beste met die groot taak wat op hom wag.

Dr. Retief is 37 jaar oud, het in 1949 aan die Paul Roos-Gimnasium gematrikuleer en aan verskeie universiteite gestudeer. Hy het in 1965 sy doktorsgraad in Geneeskunde aan die Universiteit van Stellenbosch behaal.

PROF. ANDRIES VAN ZYL

Prof. Andries van Zyl van die Fakulteit van Geneeskunde van U.S. en hoogleraar in Farmakologie, is so pas as Fellow van die Suid-Afrikaanse Royal Society (F.R.S.) verkies op grond van sy werk op kropgeswel en jodiummetabolisme.

DR. I. C. RUST NA U. P. E. AS PROFESSOR

Dr. I. C. Rust, senior lektor in Geologie aan U.S., is aangestel as professor in die pas-gestigte Geologiedepartement van die Universiteit van Port Elizabeth. Hy sal sy pligte in Maart 1970 aanvaar, maar het reeds in Oktober vertrek na Washington, V.S.A., waar hy sal aansluit by die antarktiese ekspedisie van die National Science Foundation as besoekende wetenskaplike.

Dr. Rust is op 8 Maart 1936 te Worcester gebore. In 1955 het hy die B.Sc.-graad aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf en daarna gewerk as geoloog

Dr. F. P. Retief

Dr. I. C. Rust

te Tsumeb, S.W.A., net om weer terug te keer vir M.Sc.-studie wat hy in 1959 voltooi het. Hy is getroud met mej. Jouna Retief, en het twee seuns.

In 1967 verwerf hy die D.Sc.-graad op grond van 'n uitgebreide studie van die Tafelberg-sandsteenformasie, onder leiding van wyle professor M. S. (Matie) Taljaard. Hierdie werk was een van die eerste grootskaalse kom-analises gekoppel met sedimentologiese neigvlak-berekenings in die Republiek.

A. E. SCHOCH

L. W. HIEMSTRA ONTVANG VILJOEN-MEDALJE

Die eerste Markus Viljoen-medalje vir langdurige hoogstaande werk in die joernalistiek, is deur die S.A. Akademie aan mnr. Louis Hiemstra toegeken.

Die medalje heet na wyle J. M. H. Viljoen (1898–1949) wat van 1931 tot sy dood redakteur van *Die Huisgenoot* was. Mnr. Hiemstra het in 1915 by *De Volkstem* begin, is in 1921 na *Die Volksblad* en in 1946 bevorder tot taalkundige redakteur van die Nasionale Pers – in welke hoedanigheid hy seker meer as enigiemand anders bygedra het tot die hoë taalgehalte van die Nasionale Pers.

Mnr. Frans A. Cloete, voorheen van die Dept. van Handel, Pretoria, is met ingang 6 Augustus vanjaar as Vise-konsul (Handel) na Luanda (Angola) verplaas.

Mnr. H. Tertius van Huyssteen, adjunk-rektor van die Paul Roos Gimnasium op Stellenbosch, is as kultuurattaché in Duitsland aangestel. Hy het die B.A.- en B.Ed.-grade op Stellenbosch behaal. Die afgelope 34 jaar was hy onderwyser in Duits en het hy en sy eggenote, Miems, 'n lewendige aandeel in kultuursake van die dorp – veral in die Simon van der Stel-fees – gespeel.

Mnr. G. J. Joubert (H.P.O.D. 1929), het op 1 Oktober vanjaar as Bestuurder van Skole op die Sendingstasie Chibi, Fort Victoria, Rhodesië, afgetree. Hy woon nou in Huis Piet du Toit, Rosebank.

Mnr. F. H. Badenhorst, B.Sc., M.Ed. (Stell.), hoofonderwysadviseur in die Departement van Kleurlingbetrekkinge en Rehoboth-aangeleenthede is bevorder tot dieselfde gradering as dié van Direkteur van Kleurlingonderwys.

Mnr. L. V. Mohr, B.Sc., M.Ed. (Stell.), Assistentdirekteur van Onderwys, is bevorder tot Direkteur van Kleurlingonderwys in die plek van mnr. J. F. Louw wat in die Nasionale Onderwysraad aangestel is.

DEPARTEMENT VAN REGTE, U. K. N.

In 1964 het *prof. Reep Ver Loren Van Themaat,* B.A. (1934), LL.B. (1937), M.A. (1938) (Stell.) alleen met 'n Departement van Regte aan die Universiteitskollege van die Noorde as senior lektor begin. Op 1 Julie 1968 is hy bevorder tot professor van die departement wat tans ongeveer 40 voorgraadse studente in die Regte het.

Oud-Maties van die dertiger jare sal onthou dat prof. Van Themaat getroud is met *Stella Naudé* (B.A. 1938).

Mnr. A. Jurriaanse van Lynnwood Glen, Pretoria, het aan die einde van Augustus vanjaar met pensioen afgetree. Vir sover hy weet, is hy die eerste van sy klas, d.w.s. van die eerste groep studente in Bosbou wat hulle graad in 1934 behaal het, wat pensioenouderdom bereik. Van sy jonger klasmaats is prof. P. C. de Villiers en mnr. H. L. Malherbe. (Sien foto van die besoek van Min. Botha aan die Fakulteit van Bosbou.)

Mnr. G. G. Pienaar, senior administratiewe beampte, verbonde aan die Fakulteit van Geneeskunde te Bellville, en inwonende hoof van Huis Francie van Zijl, die koshuis vir geneeskundige studente, verlaat ook die

Mnr. G. G. Pienaar

diens van U.S. en voeg hom by die personeel van die Navorsingsraad.

Mnr. J. P. Theron, administratiewe beampte, sal ook in die personeel van die Navorsingsraad dien.

Mnr. G. Cloete is aangestel as die nuwe inwonende hoof van Huis Francie van Zijl in die plek van mnr. Pienaar.

Mnr. Johannes Daniël Buys, M.Sc., is vir verdere studie in numeriese Wiskunde na Leiden, Nederland. Hy is 'n wenner van die kanseliersmedalje (1967) en houer van 'n stipendium van U.S.

DIE JAN MARAIS-PLEIN OP ORANJEMUND

Tydens die Eeufeestrustfondsdinee op Oranjemund, vroeër vanjaar, is 'n skets van die Jan Marais-plein in die sentrale kampus van U.S., deur die organiseerders teen die muur aangebring. Ook op verskeie ander maniere is die atmosfeer van Matieland na Oranjemund oorgedra.

Teen die agtergrond van die Jan Marais-plein verskyn op die foto (v.l.n.r.): Dr. G. S. Venter (Streekvoorsitter), mnr. A. J. Esterhuyse (Gasspreker), mev. M. Venter, mnr. J. L. Jordaan (Seremoniemeester), mev. Miems Rothman (Hoofgasvrou) en dr. John Tooke.

U.S. BY CIRET-KONGRES

Prof. C. G. W. Schumann en *mnr. P. E. Kotzé* het die Buro vir Ekonomiese Ondersoek gedurende 17–19 September 1969 op die negende konferensie van Contact International de Recherches Economiques Tendancielles wat in Madrid plaasgevind het, verteenwoordig.

By die konferensie het prof. C. G. W. Schumann as voorsitter van die eerste sessie opgetree.

Prof. K. M. Hettlage (W.-Duitsland),
Min. de Castro, prof. C. G. W. Schumann.

F.A.K.-Skakelkomitee vereer Dirk Opperman

Die Onderkomitee vir Kulturele Aangeleenthede van die Skakelkomitee van Stellenbosch, onder voorsitterskap van mnr. Piet Calitz, het by wyse van 'n taalfees op 23 Oktober 1969 die veelsydige digter-dramaturg, professor Dirk J. Opperman, vereer.

Prof. W. E. G. Louw, hoogleraar in Afrikaans-Nederlands aan die U.S., het aan sy kollega hulde gebring as digter, dramaturg en intellektueel, maar bowenal as man van Afrika, want alles wat deur die jare heen deur Opperman se gees gegaan het – of dit die antieke geskiedenis van Griekeland, die vreemde lewe van 'n Middeleeuse kerkheilige of 'n episode uit ons eie 18de-eeuse geskiedenis was – het die onuitwisbare stempel van sý Afrikaanse gees en sý Afrikaanse woord gekry.

Prof. Louw het veral na die werke *Heilige Beeste, Negester oor Ninevé, Joernaal van Jorik, Engel uit die Klip, Blom en Baaierd, Periandros van Korinthe, Vergelegen* en *Voëlvry* verwys.

'n Groep studente van die Departement Drama, onder leiding van Rina Botha, het 'n reeks voordragte uit Opperman se poësie gelewer. Pieter Bredenkamp het uit die dramas voorgedra. Toonsettings van gedigte van Opperman deur Rosa Nepgen is deur haarself begelei en deur Gerrit Jordaan gesing.



Prof. Dirk Opperman

Kongresgangers

2000 KONGRES- EN KURSUSGANGERS

Gedurende die afgelope wintervakansie was Stellenbosch 'n ware kongresstad. Die volgende kongresse en groepe persone het op Stellenbosch byeengekom :

Bolandse Landbou-unie
KJV-kongres
A.S.V.S.-leierskursus
Winterskool aangebied deur die Vereniging van Ingenieurstudente van U.S.
Nasionale Raad vir Volksang en Volkspele
Opknappingskursusse in Latyn- en Houtwerkonderwys
S.A.U.-Sporttoernooi.

Gedurende hierdie tyd het ongeveer 2,000 kongresgangers hulle verlustig in wat Stellenbosch alles aanbied.

Studentebedrywighede

DIE STUDENTERAAD 1968/69: UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH SAAM MET DR. B. J. VORSTER, DIE KANSELIER

Voor v.l.n.r.: Mnr. Thys Smith (Sekr.), prof. H. B. Thom (Rektor), mnr. Pieter van Huyssteen (Voors.), Sy Edele dr. B. J. Vorster (Kanselier), mnr. Bobbie Scherrer (Ondervoorsitter), dr. J. S. Gericke (Vise-kanselier), mej. Jena van Zyl.
Agter: Mnre. Andrew Gerber, Nato Zondagh, Geoff McMinn, Elwil Beukes, Hendrik Verwoerd, Willem Louw, Willie Seidel, Alex Luttig (Tesourier) en Dirk Hertzog.
Afwesig: Mnr. Pieter le Roux.

Die Studente Neem Afskeid van die Rektor

Op 28 Oktober vanjaar het die studente in die H. B. Thom-teater van prof. en mev. H. B. Thom afskeid geneem. Weens die beperkte ruimte van die saal was slegs verteenwoordigende groepe studente aanwesig.

Die Voorsitter van die Studenteraad, mnr. Dirk Hertzog, het in sy welkomswoord daarop gewys dat tydens die rektorskap van prof. Thom die Universiteit besonderlik gegroei het met onder andere vyf nuwe fakulteite, ongeveer twintig nuwe departemente, ongeveer 5,000 studente, nege nuwe koshuise, 'n groot aantal ander nuwe geboue en 'n Eeufeesfonds van oor die vier miljoen rand. In dr. Thom het U.S. 'n rektor



gehad van landswye en selfs ook internasionale aansien.

Prof. Thom het baie duisende kinders gehad na wie se belange hy moes omsien, en hy het hom in baie opsigte soos 'n vader van sy taak gekwyt. Hy was toeganklik vir elke student wat probleme gehad het. Sy toeganklikheid het baie bygedra tot die goeie verhouding tussen Rektor en studente.

MEV. THOM

Teenoor mev. Thom, het mnr. Hertzog gesê dat dit 'n trots vir 'n universiteit is om deur so 'n rektorspaar verteenwoordig te word. Sy het op beskeie wyse haar deel bygedra. Daarna het hy mej. Toy Badenhorst gevra om 'n geskenk namens die studente aan mev. Thom te oorhandig. Aan prof. Thom is 'n welversorgde versierde adres namens die huidige en oud-Maties van die H. B. Thom-era oorhandig.

DIE TYD OM UIT TE TREE

Prof. Thom het beklemtoon dat 'n mens wel jou *amptelike* verband met 'n inrigting soos 'n universiteit verbreek, maar dat jy nie jou *liefde* verbreek nie. Hy en sy eggenote sal altyd vir U.S. 'n baie diepe liefde hê – as jy dan jou verband verbreek, doen jy dit met 'n baie seer hart, maar hy wil dit benadruk dat hoe lief jy ook al 'n inrigting mag hê, jy moet weet wanneer om uit te tree. Soms staan mense te lank in so 'n betrekking, juis in 'n poging om goed te doen. Sestien jaar as rektor was heeltemal 'n beurt! Toe sy opvolger benoem is, het hy aan hom beloof dat hy tot sy beskikking is. As hy met enigiets kan help, sal hy dit baie graag doen.

Aangaande die universiteitslewe het spreker vertel dat wyle dr. T. E. Dönges hom meegeneem het na die eerste monstervergadering waar, by daardie geleentheid, wyle dr. H. F. Verwoerd as voorsitter opgetree het. Dr. Verwoerd kon toe reeds sy saak sterk stel, maar hy het steeds wellewend gebly.

DIE UNIVERSITEITSTAD

In S.A. is 'n hele paar universiteite, maar ons het slegs een *universiteitstad,* Stellenbosch, waar ons 'n meedoënlose vormingsproses van een student op die ander het, want op vergaderings of in die koshuise heers die kwaaiste onderlinge argumente – en monstervergaderings was vroeër, soos ook vandag nog, van die lewendigste. Wrywing van persoonlikheid op persoonlikheid vind plaas, argument teen argument. Moenie dink jy sal simpatie kry as jy verloor nie – maar jy verloor met wellewendheid; en ook wanneer jy wen, doen jy dit met wellewendheid. Op min ander universiteite in die wêreld het jy so 'n vormingsproses.

Die universiteit wat die naaste aan Stellenbosch kom, is dié van Princeton in die V.S.A. Van die nagenoeg 2,400 universiteitsinrigtings van die V.S.A., stel spreker Princeton onder die eerste vier. Die dorp is vergelykbaar met Stellenbosch en die studentegemeenskap is iets kleiner as Stellenbosch s'n. Jy het daar dieselfde proses van vorming deur gees op gees. Dit is afgesien van, en naas, die gewone akademiese werksaamhede.

YSTER SLYP YSTER

Vra maar waarom het U.S. relatief veel meer manne vir die diens van S.A. op verskillende terreine as ander universiteite gelewer en spreker meen die vormingsproses is die vernaamste rede. Ons het 'n studente- en 'n universiteitslewe wat leiers kweek. Daar is natuurlik ook diegene wat liewers navorsers is en hulle eerder aan 'n besondere projek toewy as om leiding te wil neem.

DIE WET MAAK VRY

Van tyd tot tyd loop gevoelens baie hoog onder die studente. Wat spreker betref, het hy geen beswaar daarteen as die studente in hulle sake en in studentepolitiek dinge uitpluis en tot die wortel van sake wil deurdring nie. Maar daar word twee voorwaardes gestel.

Ten eerste moet altyd respek getoon word vir die wet van die land – dit mag ons nie oortree nie. Spreker se kollega dr. J. P. Duminy, voormalige prinsipaal van die Universiteit van Kaapstad, het gesê: „You must respect the social and economic pattern of the country". Die grootste vryheid is geleë in die sorgvuldigste eerbiediging van jou landswet. Hy wat binne die landswet sy vryheid met verantwoordelikheid kan gebruik, besit die ware vryheid.

Die tweede voorwaarde is dat studente vir besluite van die Universiteitsraad eweseer respek toon. Volgens wet is die Universiteitsraad ons hoogste en wettige universiteitsowerheid en ons studente is verplig om besluite van die Universiteitsraad te eerbiedig.

PECTORA ROBORANT...

Die dinge van die gees is die ware groot dinge – wat ons met die hande tas en maak, vloei uit die gees. Op Stellenbosch as universiteitstad moet ons die geleent-

heid kry om die gees te versterk, die intellek te ontwikkel, karakter te bou, sodat ons nie net weet hoe dinge gebeur het of begin het nie, maar ook ons karakters bou sodat ons kan onderskei tussen goed en kwaad – mense op wie gereken kan word as lojaal en betroubaar.

Spreker weet dit is so pas voor die eksamens 'n moeilike tyd vir studente en waardeer dus van harte dat hierdie verteenwoordigende groep van studente gekom het om namens die studente-unie totsiens te sê.

Prof. Thom het met dankbaarheid getuig van die goeie verhouding tussen homself en die studente veral gedurende die afgelope paar jaar van sy rektorskap. Hy kan hom nie voorstel dat daar meer hartlikheid en openhartigheid kon gewees het nie. Studente het met hul probleme gekom en selfs oor sake waarvan hulle geweet het dat hy as Rektor nie met hulle sou saamstem nie – maar hulle het van beide kante geleentheid gekry om daaroor op vriendskaplike en openhartige voet uit te praat.

Ten slotte het prof. Thom, n.a.v. sy nuwe taak as Voorsitter van die Nasionale Onderwysraad, al die studente gevra om in die toekoms nog aan hom en sy eggenote te dink wanneer hulle in groepe saam verkeer, maar veral in hulle gebede wanneer hulle alleen is.

L.n.r. (voor): Prof. Bun Booyens, dr. A. J. du Toit, mnr. Johnnie Meiring, prof. H. B. Thom (Rektor), mnre. Andrew van der Watt en Eben Olivier. Agter: Mnre. Johan van der Merwe, André de Wet en Gert Muller.

Op Pad na 'n Honderdtal

MATIES EN OUD-MATIES AS SPRINGBOKKE

Van die dertig spelers wat vir die Springbokrugbytoer 1969/1970 na Brittanje gekies is, kan die volgende oud- en huidige Maties, agt in getal, hartlik met hulle keuse gelukgewens word. Mag hulle die toer geniet en soos vorige Matie-Springbokke verdere roem vir S.A. behaal. Hiermee het die Universiteit van Stellenbosch die besondere prestasie behaal dat sy rugbyklub nou reeds 99 draers van die groen en goud gelewer het – 'n ongeëwenaarde prestasie.

Dawie de Villiers (Kaptein)
Sakkie de Klerk
Dirk de Vos
André de Wet
Hannes Marais
Gert Muller
Eben Olivier
Johan van der Merwe
Andrew van der Watt

Nog 'n oud-Matie en -Springbok, Avril Malan, is die onderbestuurder en afrigter van die span.

BESTE WENSE

Op 13 Oktober vanjaar het die Rektor die Universiteit se rugbyspringbokke vir die toer 1969/70 na die Britse Eilande en bestuurslede van die Universiteit se rugbyklub in sy kantoor ontvang.



Die grootste kongres wat plaasgevind het, was dié van die KJV wat deur ongeveer 800 jong mense van oor die hele Republiek en selfs buite die grense van die Republiek byeengekom het. Die kongres het plaasgevind in die bekende Studentekerk.

Die S.A. Universitêre Sporttoernooi

Die S.A. Universitêre Sporttoernooi vir gholf, stoei, judo, boks en veldwedlope het op Stellenbosch plaasgevind.

Mej. Annalina van der Vyver van Universiteit Stellenbosch wat die veldloop vir dames gewen het.

Ons gaan huis toe . . . daarom lag ons!

Elsabe Coetzer van De Doorns en regs Marie Bauermeister van Kakamas, inwoonsters van Monica, is op pad huis toe vir die wintervakansie (1969).

„Matieland"-Fonds

Tot op 24 Oktober 1968 het ons lesers R7,087.01 tot die Fonds bygedra. Ons erken met dank en waardering die volgende bydraes wat sedertdien ontvang is:

Totaal (tot 24 Oktober 1968)	R7,087.01
Benning, mnr. L. H., Tegniese Kollege, Port Elizabeth	1.50
Berends, dr. J. J., Posbus 72, Paarl	5.00
Boonzaaier, mnr. N. M., Posbus 28, Wolmaransstad	5.00
Botha, mnr. en mev. C. V., Posbus 3201, Pretoria	5.00
Bothma, mnr. en mev. J. A., Fisons Ind., Pk. Chloorkop, Tvl	5.00
Bouwer, dr. W. v. d. M., Lancet Hall 704, Johannesburg	5.00
Boyes, mnr. W. W., Posbus 1448, Kaapstad ...	2.00
Cloete, mnr. F. A., Posbus 1304-C, Luanda — Angola	5.00
Cloete, mnr, J. H., Hoofvoorligtingsbeampte, Bloemfontein	2.20
Cornelissen, mnr. A. J., Sanlamsentrum 1132, Kaapstad	3.00
De Klerk, mnr. J. C., Landboukollege, Pk. Glen.	3.00
De Kock, mnr. F. P. R., Hoërskool, Strand ...	3.00
De Villiers, mnr. A. F., p.a. Departement van die Hoofminister en Finansies, Umtata ...	2.00
De Villiers, mnr. A. M., Posbus 727, Pretoria	6.05
De Villiers, mnr. T. H., Olive Schreinerstraat 14, Parow-Noord	2.00
De Wet, mnr. L. J., Hoërskool, Marquard ...	5.00

Dill, mnr. A. W., Departement van Bantoe-onderwys, Kaapstad	5.00
Du Plessis, mev. C., Skildskloof, Pk. Rietpoel, K.P.	2.00
Du Plessis, mnr. H. L., Tinktinkielaan 14, Stellenbosch	4.00
Durand, mev. H., Posbus 16, Walkerville, Tvl.	1.00
Du Toit, mev. C. M., Vlakkerug, Riebeek-Wes	1.00
Du Toit, mnr. J. B., Hoërskool Werda, Fauresmith	5.00
Du Toit, mej. J. W., Parkway-woonstelle 6, Somerset-Wes	10.00
Foord, Luit. B. S., Wilchamahof 6, Kenilworth, K.P.	2.05
Gous, mnr. A. S. F., Posbus 9955, Johannesburg	2.00
Grobbelaar, mnr. P. J., Posbus 213, Pretoria	3.00
Hester, mev. E., 28 San Bernardo, De Lorentzstraat, Kaapstad	1.00
Heyns, ds. R., Alphenstraat 1, Bellville	2.00
Hough, prof. M. A., Anglo American Corporation, Johannesburg	5.00
Hugo, ds. C. J., N.G. Pastorie, Moorreesburg	5.00
Janse van Rensburg, ds. G. F., N.G. Pastorie, Swellendam	2.00
Janssen, mev. Y. C. J. M., Posbus 1053, Parow-Oos	1.00
Joubert. mej. M. J., S.A. Wolraad, Posbus 625, Bloemfontein	2.00
Kellermann, dr. A. G., p.a. Hugenote Kollege, Wellington	10.00
Kirsten, mnr. J. F., Posbus 654, Kroonstad	3.50
Klompje, dr. T., United-gebou 13, Lady Greystraat, Paarl	5.00
Kok, mej. A. E., Posbus 1727, Bloemfontein	2.00
Kotzé, dr. J. E., Posbus 429, Bothaville	5.00
Kruger, mnr. N. J., Myrtlestraat 61, Drie Riviere, Vereeniging	3.05
La Grange, dr. A. J., Departement Sielkunde, Universiteit, Pretoria	5.00
Le Roux, mnr. J. B., Montana, Suider-Paarl	5.00
Levitan, dr. J. S., Posbus 71, Zastron	3.00
Liebenberg, dr. H., Departement Genetika, Universiteit, Pretoria	2.00
Louw, mnr. M. J., Posbus 100, Pk. Ellisras	10.00
Malan, dr. en mev. D. J., Sondagskoolkantoor, Bloemfontein	5.00
Malan, mnr. G. D., p.a. Die Plaaslike Rekenmeester, S.A.S., Kaapstad	5.00
Malan, mej. L., Departement Volkswelsyn en Pensioene, Pretoria	6.00
McDonald, mnr. en mev. T., Scottstraat 130, Parow	2.00
Metje, mnr. W. A. H., Metje en Ziegler Bpk., Posbus 239, Windhoek	500.00
Meyer, adv. P. H., L.V., Volksraad, Kaapstad	5.00
Mouton, mev. M. M. G., Amystraat 29, Meredale, Johannesburg	5.00
Muller, mnr. R. T., Granadaweg 3, Evander, Tvl.	4.00
Myburgh, mev. A. E., Beyersstraat 847, Rietfontein, Pretoria	1.00
Naudé, mev. A. S., Langstraat 21, Lichtenburg	4.00
Nel, mnr. J. A., Posbus 66, Die Ou Mutual, Kaapstad	5.00
Oberholzer, mev. E. M. M., p.a. S.A. Polisie, Keetmanshoop	1.00
Oliver, mnr. P., U.K.N., Sovenga	2.00
Ollewagen, mev. C. H., Thornhillstraat 12, Uitenhage	1.00
Oosthuysen, ds. J. C., jr., Schoongezichtstraat 8, Stellenbosch	2.10
Pauw, mej. P., Kloof Hill 13, Higgovale, Kaapstad	2.00
Pepler, ds. D. R., Robertslaan 8, Oudtshoorn	5.00
Preiss, mnr. H., Broderickstraat 276, Pretoria	5.00
Pretorius, mnr. E. de C., Barnardstraat 6, Potchefstroom	5.00
Pretoria, mnr. E. F., Posbus 2683, Johannesburg	5.00
Rademeyer, mnr. H., Hoërskool, Napier	2.00
Roos, mnr. J. R., Kollege vir Gevorderde Tegn. Onderwys, Port Elizabeth	5.00
Roos, mnr. M. C., Posbus 669, Pretoria	5.00
Rothmann, mnr. J. M., Posbus 517, Bloemfontein	20.10
Schoeman, mnr. B. J., Yskor-Hoofgebou, Pretoria	2.00
Schoeman, ds. J. J., Posbus 75, Silverton	2.50
Schumann, mnr. C. A. W., Posbus 6, Cedarville	2.00
Smit, mev. G. J., Elizabeth-Huis 205, Port Elizabeth	2.00
Smith, mnr. C. J., p.a. Nasionale Bouvereniging, Bellville	5.00
Smith, mnr. J. G., Sanlam, Sanlamhof, K.P.	1.00
Smith, mnr. M. D., Posbus 1448, Pretoria	2.50
Sneath, mej. M. J., Plumstead High School, Plumstead	5.00
Sohnge, mnr. J. H., Posbus 1, Sanlamhof, K.P.	5.00
Stadion, mnr. A., Mon Desir 1, Die Laan 35 Stellenbosch	2.00
Stanford, mnr. J., Opleidingskollege, Wellington	10.00
Steyn, mnr. M. J., Van Oudtshoornweg 13, Swellendam	2.50
Strydom, mnr. A. E., Danie Theronstraat 15, Beaufort-Wes	4.00
Swart, prof. J. C., Jonkershoekweg 12, Stellenbosch	2.00
Van den Berg, mnr. P. H., Universiteit van S.A., Pretoria	3.00
Van der Linde, ds. J. J., Posbus 27, Boksburg	2.00
Van Heerden, mej. J. F. G., Villieria-sentrum 106, Villieria, Pretoria	4.00
Van Niekerk, mnr. J. W., Posbus 2498, Windhoek	2.00
Van Rensburg, mnr. F. A., Posbus 97, Douglas	4.00
Van Tonder, mnr. D. le R., Posbus 224,Paarl	2.00
Van Zyl, mnr. D., Posbus 23, Nababeep, K.P.	10.00
Veldsman, mnr. A., Connaught-woonstel 405, Jacob Maréstraat 207, Pretoria	2.00
Venter, mnr. C. T. B., Broderickstraat 288, Pretoria	2.00
Ver Loren van Themaat, prof. en mev. R., Posbus 850, Pietersburg	5.00
Walker, mnr. P. A. H., Posbus 395, Pretoria	2.00
Wessels, mnr. G. F. M., D.B.S.-gebou 305, Sentraalstraat, Pretoria	10.00
Totaal (tot 28 Oktober 1969)	R7,951.06

L.W. — Alle tjeks en posorders moet asseblief aan *Die Matielandfonds* betaalbaar gemaak word.

Frick

Sig-Sag-Naaimasjiene Doen gewone werk, knoopsgate, knope, omkap, borduurwerk, name skryf ens. Ongelooflik maklik en netjies.

Handaangedrewe **R86.25** Min 20% vir kontant

Motoraangedrewe **R102.50** Min 20% vir kontant

Frick Skêr **R2.20** Gemaak van geweerstaal

Duitse Naaisy **50c** Per 1,000 jts. tot

Posbestellings kry onmiddellike aandag

Voortrekkerweg 35 Parow, Kaap, Foon 98-6489

WP MAKELAARS

Vir die beste in versekerings- en beleggingsadvies

Sanlamgebou 403, Pleinstraat

STELLENBOSCH

Telefoon 4847

BOEKE WAT VIR ELKE AFRIKANER ONONTBEERLIK IS

DIE KULTUURGESKIEDENIS VAN DIE AFRIKANER
Redakteur prof. dr. P. de V. Pienaar.

'n Nuwe uitgawe in een band waarin die Afrikaner rekenskap gee van wat hy aan kultuur besit en hom sy identiteit as Afrikaner gee. Die werk bevat bydraes oor die Afrikaner se geskiedenis, volkskunde, ekonomie, taal, kerk, kuns, wetenskap, ens.
„. . . . 'n kultuurdaad in sigself . . ." sê *Die Transvaler* van hierdie pragtige, waardevolle uitgawe. 'n Kunstige en duursame boek met 419 bladsye en talryke foto's, ens.
Prys **R8.00.**

UIT DIE VOLK GEBORE
deur J. P. Scannell

Uitgegee met die oog op die vyftigste bestaansjaar van Sanlam. Hoe die Afrikaner 'n vasskopplek in die ekonomie van die land verkry het. Interessante geskiedenis in verhaalvorm. In groot formaat met talle foto's.
Prys **R4.00.**

SUID-AFRIKAANSE BIOGRAFIESE WOORDEBOEK
Hoofredakteur W. J. de Kock

Deel I in 'n reeks van ses. 'n Basiese bron van gesaghebbende inligtinge oor persone wat vername bydraes tot ons geskiedenis gelewer het. *Deel I* bevat 568 biografieë.
Prys **R8.00.**

NASIONALE BOEKHANDEL BEPERK,
Posbus 122, Parow.
Verkrygbaar by alle boekhandelaars.

274A

OUD-MATIEBAADJIES

Prys R25.00
Alle Nommers altyd in Voorraad
Die Nuwe Terylene Oud-Matiedas
so pas ontvang Prys R2.35

Skryf aan:

pikkie blommaert
mansuitruster stellenbosch

Posbus 94
Stellenbosch

O.K.B. BPK.

LION
LAGER

SAB

Goud van Kleur . . . Ryk aan Geur

wat Goudvelde die talentvolle gegradueerde aanbied

Geleentheid Ontwikkeling Erkenning

Goudvelde is 'n Suider-Afrikaanse groep maatskappye in die bestuurswese, mynwese, finansies en die nywerheid, met wêreldwye skakeling.

Gegradueerdes in uiteenlopende rigtings word benodig: Myn-, Meganiese, Siviele, Elektriese en Chemiese ingenieurswese; Geologie; Metallurgie; Geneeskunde; Regte; Handel; Wetenskap; Wiskunde; Administrasie.

Die Groep bied jong gegradueerdes wat streef na erkenning vir hul werk uitmuntende geleenthede vir persoonlike ontwikkeling en vooruitgang.

Gegradueerdes en studente wat binnekort gradueer, word genooi om met die Personeelbeampte in aanraking te kom om 'n onderhoud te reël.

GOUDVELDE VAN SUID-AFRIKA BEPERK

POSBUS 1167, JOHANNESBURG. TEL. 838-8381

Spaarkrag maak mag by Volkskas

– die bank wat Suid-Afrika eerste stel.

VOLKSKAS BEPERK

(Geregistreerde Handelsbank)

vir alomvattende bankdienste

Hoofkantoor: Van der Waltstraat 229, Pretoria.
Posbus 578 • Telefoon: 29941 • Telegramadres: Bankdiens.

VZ00255

Beleggings op 'n nuwe patroon. En deur 'n ander span.

Die span van

santamgroei

Santam se eie groeifonds

MAKSIMUM AANVANGSHEFFING $3\frac{1}{2}$%!

AANSOEKVORMS BESKIKBAAR BY
ENIGE SANTAM- OF BRANDWAGKANTOOR
ASOOK GEVOLMAGTIGDE AGENTE

VZ&R — K535/27A

Elke Sigaret 'n Meesterstuk

Produk van Suid-Afrika

VRFA 165Q

Gedruk deur Nasionale Handelsdrukkery, Bpk. — Elsiesrivier